



IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA /ES
(NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA)

SAAK NO: 29778/2002

DATUM: 18/2/2011

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE	
(1) RAPPOORTEERBAAR: ☒ NEE.	
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: ☒ NEE.	
(3) HERSIEN.	
18/2/11 DATUM	 HANDTEKENING

IN DIE SAAK TUSSEN

MALITZA MARIANNE VAN EEDEN

EISERES

EN

PHILLIP CAREL IZAK BARNARD

VERWEERDER

UITSpraak

PRINSLOO, R

Inleiding

- [1] Op 11 November 1999 is die eiseres ernstig beseer in 'n motorbotsing wat plaasgevind het op die pad tussen Welkom en Odendaalsrus. Die eiseres het agter in die voertuig waarin sy 'n passasier was gesit. Haar 3-jarige dogtertjie, Marté,

het die lewe gelaat in die botsing. Daar was nie sprake van enige bydraende nalatigheid aan die kant van die eiseres nie.

[2] Die verweerder was te alle wesenlike tye 'n praktiserende prokureur in Pretoria. Dit is gemene saak dat hy hom in sy praktyk hoofsaaklik toegespits het op eise wat voortspruit uit persoonlike beserings wat opgedoen is in motorbotsings.

[2] In Maart 2000 het die eiseres se vader, mnr Sampie Nel, die verweerder genader om so 'n eis namens sy dogter teen die Padongelukfonds ("die Fonds") in te stel. Dit sou 'n eis wees ingevolge die toepaslike statutêre voorskrifte, te wete die Padongelukfondswet no 56 van 1996 ("die Wet").

[4] Die verweerder het toe so 'n eis namens die eiseres teen die Fonds ingestel. Na uitgebreide onderhandelinge het die Fonds in Oktober 2001 aangebied om die eis te skik vir betaling van 'n bedrag van R217 960,00 tesame met 'n onderneming in terme van artikel 17(4)(a) van die Wet wat voorsiening sou maak vir die eiseres se toekomstige hospitaal- en mediese uitgawes asook aanverwante uitgawes. Hierdie aanbod het die verweerder namens sy kliënt verwerp.

Op 7 Januarie 2002 het die verweerder die eis namens die eiseres geskik vir betaling van 'n bedrag van R427 457,76. Benewens hierdie bedrag, sou die Fonds ook die voorgeskrewe onderneming in terme van artikel 17(4)(a) verskaf. Dit blyk ook uit die aanvaarding van die aanbod dat die partye ooreengekom het dat

die verweerder 'n kosterekening aan die Fonds sou voorlê vir betaling. Na hierdie skikking sal voortaan verwys word as "die skikking".

[5] Die bedrag van die skikking word soos volg saamgestel:

hospitaal- en mediese uitgawes	R136 537,76
gelede verlies aan verdienste	R 7 960,00
beraamde toekomstige verlies aan verdienste	R192 960,00
algemene skade vir pyn, lyding en ongerief, ongeskiktheid, ens	<u>R 90 000,00</u>
Totaal	R427 457,76

[6] Die verweerder pleit dat die eiseres hom 'n behoorlike mandaat gegee het om hierdie skikking aan te gaan. Die eiseres plaas hierdie bewering in geskil.

[7] Dit is gemene saak dat die verweerder, voordat hy die skikking aangegaan het, 'n reeks regsmediese verslae ingewin het nadat die eiseres deur die betrokke medici ondersoek is, en ook die eise ten opsigte van gelede en toekomstige verlies aan inkomste deur 'n aktuaris, mnr Koch, laat bereken het.

[8] In Oktober 2002 het die eiseres hierdie eis om skadevergoeding wat nou voor my dien teen die verweerder aanhangig gemaak in die vorm van 'n gekombineerde dagvaarding.

[9] In die besonderhede van eis voer die eiseres aan dat die verweerder versuim het om die regsplig na te kom wat op hom gerus het vanweë die ooreenkoms wat hy met die eiseres gehad het om die saak namens haar te voer en af te handel. Verder voer sy aan dat hy nalatig was. Die bewering word gemaak dat die Fonds se aanbod ontoereikend was en dat die verweerder die eiseres moes geadviseer het om die aanbod te verwerp. Daar word aangevoer dat die eis eintlik R1 211 990,30 werd was wat soos volg saamgestel is:

gelede hospitaal- en mediese koste	R 81 722,36
toekomstige hospitaal- en mediese koste	R225 067,00
gelede verlies aan verdienste	R 69 278,00
toekomstige verlies aan verdienste of verdienvermoë	R655 923,00
algemene skade vir pyn, lyding en verlies aan lewensgenietinge en ongeskiktheid	<u>R180 000,00</u>
Totaal	R1 211 990,00

Nadat die mediese koste afgetrek is (die artikel 17(4)(a) sertifikaat wat die verweerder in die skikking beding het maak in elk geval voorsiening vir die betaling van enige toekomstige mediese en verwante koste) word aangevoer dat die eiseres skade gely het in die bedrag van R559 465,60.

[10] Sedert 2002 is die besonderhede van eis twee keer gewysig. Die tweede wysiging het in Mei 2008 gestalte gekry, knap voordat die tweede sitting van hierdie lang verhoor in Junie 2008 begin het. Die verhoor het reeds in September 2006 begin

en vir sestion dae geduur voordat dit uitgestel moes word omdat die tyd wat daarvoor toegewys is verstryk het.

- [11] In die besonderhede van eis soos dit tans daar uitsien, het die eis bedrag ook gegroei na R937 315,00. Daar is 'n verdere bedrag ten opsigte van rente wat in die alternatief geëis word. 'n Verdere eis-oorsaak is bygevoeg, naamlik dat die saak nooit na behore ondersoek is voordat die skikking aanvaar is nie. Die eis-oorsake word soos volg in die betoogshoofde van die advokate wat namens die eiseres opgetree het opgesom:

"Die eiseres beweer in wese dat die voormelde skikking in die eerste plek nooit aangegaan kon of moes gewees het nie omdat die saak nog nie ten volle en na behore ondersoek was tot die mate dat die verweerder redelikerwys in die posisie sou kon wees om haar behoorlik te adviseer en 'n behoorlike beraming te kon maak van wat 'n redelike bedrag skadevergoeding sou beloop nie. Tweedens is die eiseres se saak dat die skikking in ieder geval, selfs op grond van die ontoereikende ondersoekwerk wat deur die verweerder gedoen is, nie 'n redelike skikking was nie."

Daar word aangevoer dat die verweerder die eiseres teen die skikking moes adviseer en sy optrede in die ondersoek en hantering van die eis het op 'n nalatige wyse geskied wat skade aan die eiseres veroorsaak het. Die skade is die verskil tussen die bedrag van die skikking en dit wat 'n redelike beraming van die eis sou

gewees het indien dit volledig, na behore en vakkundig deur die verweerder hanteer was en hy opgetree het soos wat redelikerwys van 'n kundige prokureur (ten opsigte van persoonlike beserings-eise) verwag kon word.

- [12] Die eiseres maak dit duidelik dat die beraming van die skade slaan op die eis-hoofde verlies aan verdienste (gelede en toekomstig) en algemene skade.
- [13] In sy verweerskrif voer die verweerder aan dat die ooreenkoms met die eiseres die volgende bepalinge bevat het: die verweerder sou die eiseres met redelike advies bedien ten opsigte van die instel, voortsetting en afhandeling van die eis. Verder sou die verweerder sy verpligtinge uitvoer met sodanige professionele sorg, vaardigheid en behendigheid as wat redelikerwys van 'n prokureur in dieselfde omstandighede verwag kon word. Die verweerder erken ook dat, voortspruitend uit die kontrak, hy 'n regsplig aan die eiseres verskuldig was om op te tree soos hierbo uiteengesit.
- [14] In nadere besonderhede vir verhoor, verduidelik die verweerder dat sy verwysing in die pleit, *supra*, na "'n prokureur in dieselfde omstandighede" 'n verwysing is na die feitelike omstandighede van die aangeleentheid en dit het nie betrekking op die standaard waarteen die prokureur gemeet moet word nie. In die nadere besonderhede erken die verweerder ook dat in die bepaling van dit wat redelikerwys in die besondere omstandighede van 'n prokureur verwag sou kon word (wat 'n kwessie van argument is) moet die verweerder gemeet word aan die

hand van 'n toegelate prokureur wat bereid is om 'n opdrag in die veld van eise vir persoonlike beserings (en meer spesifiek die instel, ondersoek, voortsetting en afhandeling van eise teen die Padongelukfonds) te aanvaar.

- [15] In sy pleit voer die verweerder ook aan dat hy 'n behoorlike mandaat van die eiseres gehad het om die saak te skik. Hy pleit dat die eerste (mindere) aanbod van Oktober 2001 van ongeveer R217 000.00, *supra*, op 15 Oktober 2001 volledig met die eiseres bespreek is. Hy pleit dat hy teenoor haar onderneem het om namens haar in verdere onderhandeling met die Fonds te tree ten einde die Fonds te probeer oorreed om die aanbod ten aansien van toekomstige verlies aan verdienste en algemene skade te verhoog. Hy pleit dat die eiseres hom opdrag gegee het om die mindere aanbod van Oktober 2001, of enige verhoging daarvan wat hy by wyse van onderhandeling kon bewerkstellig te aanvaar. Daar is nie 'n repliek geliasseer nie, maar die eiseres het in haar getuienis ontken dat daar 'n mandaat was.
- [16] Dit is teen hierdie agtergrond wat 'n verhoor van stapel gestuur is wat uiteindelik, volgens my berekening, agt en twintig dae geduur het. Daar was sittings in September 2006, Junie 2008 en September 2009. In September 2010 is die slot betoë oor 'n tydperk van twee dae aangebied. Die redes vir die uitstelle in Junie 2008 en September 2009 blyk uit die rekord. By laasgenoemde geleentheid is die eiseres gelas om die verkwiste koste te betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

Die eiseres se beserings

[17] In die besonderhede van eis word die beserings soos volg getabuleer:

1. 'n hoofbesering wat ook gepaard gegaan het met 'n sagte weefsel sweepslag besering van die nek;
2. 'n fraktuurontwrigting van die regter heup;
3. 'n fraktuur van die bekken;
4. 'n besering van die regter knie;
5. 'n fraktuur van die regter pols;
6. 'n fraktuur van die mandibula links;
7. 'n rib fraktuur links;
8. 'n fraktuur van die regter metakarpale 3, 4 en 5;
9. 'n besering van die linker voet (met uitsluiting van die mediale malleolus);
10. ernstige psigiese trauma en skok.

[18] Prakties gesproke, is die aard en omvang van die ortopediese beserings nie in geskil nie.

[19] Die kern-geskil, en die onderwerp wat die meeste tyd in die verhoor in beslag geneem het, is die vraag of die eiseres 'n breinbesering opgedoen het. Namens die eiseres is aangevoer dat sy 'n ernstige breinbesering opgedoen het en dat die verweerder, as hy sy werk behoorlik gedoen het, dit sou vasgestel het en teen 'n hoër bedrag sou geskik het of verder sou geprosedeer het. Die verweerder ontken

hierdie bewerings, en namens hom word deur deskundiges aangevoer dat die eiseres niks meer gehad het as 'n ligte hoofbesering ("mild concussive head injury") nie, en dat hierdie besering nie 'n betekenisvolle invloed gehad het op haar post-traumatiese funksionering, en in die besonder haar verdienvermoë na die botsing nie.

- [20] Voor my het mnr De Waal, SC, bygestaan deur mnr Van Bergen, vir die eiseres verskyn en mnr Mullins, SC, bygestaan deur mnr Clavier namens die verweerder.

Enkele opmerkings voordat die getuienis ontleed word

- [21] Ek ag dit doenlik om stil te staan by 'n paar aspekte of onderwerpe voordat die getuienis ontleed word aangesien die getuienis, myns insiens, beoordeel moet word aan die hand daarvan.

(i) Die besondere aard van die eis en die eis-oorsaak

- [22] Soos die gebruik is, het die eiseres gepleit dat die verweerder die regsplig wat op hom gerus het vanweë die bepalings van die ooreenkoms verbreek het en in die alternatief is gepleit dat die verweerder nalatig was, in bepaalde opsigte.

- [23] Dit is namens die verweerder aan die hand gedoen dat die onderskeid tussen 'n eis gebaseer op kontrakbreuk en 'n eis gebaseer op delik (nalatigheid) in die onderhawige geval nie van enige wesenlike belang is nie. Met hierdie submitisie stem ek saam.

(j) Wat die eiseres moet bewys, en die aard van die bewyslas

[24] Uit gesag wat namens die verweerder voorgelê is, blyk dit dat die optrede van die verweerder gemeet moet word aan die hand van die optrede wat verwag kan word van 'n gemiddelde redelike prokureur in die posisie van die verweerder, en, by implikasie, die redelike gemiddelde prokureur wat bereid is om opdragte van hierdie aard te aanvaar.

[25] Die geleerde skrywer J R Midgley, *Lawyers' Professional Liability* (1992) sê die volgende op 124:

"As Gauntlett correctly stresses, our common law has always demanded that practitioners meet stringent standards and the prudent practitioner test appears to provide a sound foundation for determining negligence. The *diligens paterfamilias* of Roman law was the average prudent person. The test is also a realistic compromise between the need to protect clients and the need to avoid unreasonable burdens being placed upon lawyers. It is therefore suggested that our courts should adopt the standard of the ordinary reasonably prudent practitioner when assessing the quality of the lawyer's conduct."

[Die verwysing na Gauntlett is J J Gauntlett *Verjaarde MVA-eise en Professionele Nalatigheid* (1978) 41 THRHR 45 op 49.]

[176] Daar is ook, in bepaalde gevalle, blykbaar ruimte daarvoor om 'n "spesialis" of "deskundige" aan 'n hoër standaard te meet, naamlik dié van die "ordinary reasonably prudent expert practitioner", aldus *Midgley, supra*, op 125. *Midgley* sê egter die volgende:

"It is not always easy to determine who may be regarded as being a specialist. The mere fact that a firm has various departments is not sufficient to label those working in them 'specialists'. Nor is a lawyer who concentrates his practice in a particular area of the law *per se* a specialist. A specialist is a person who either holds himself out to be a specialist, undertakes specialist work, or has a reputation for being a specialist. In the absence of any of these criteria, a lawyer who limits his practice to a particular area of the law, which is not regarded as a speciality, should have his conduct measured against the standard exercised by practitioners in the same field. However, this does not prevent the possibility that, by restricting his field of practice, the lawyer may impliedly represent to clients that he has superior skill and knowledge in that area."

In hierdie saak het die eiseres nie spesifiek gepleit dat die verweerder so 'n spesialis of deskundige is of dat hy homself as sodanig voorgedoen het of dat daar bv met hom gekontrakteer is op die basis dat hy 'n deskundige is nie. In kruisondervraging het die verweerder wel toegegee dat hy homself beskou as 'n deskundige op hierdie betrokke gebied maar hy het ontken dat hy ooit teenoor die eiseres of haar familie te kenne gegee het dat hy 'n deskundige is of dat hy hom as

sodanig voorgedoen het. Ek is dus van mening dat die aanvanklike toets, soos deur *Midgley* voorgestel, toepaslik is in hierdie geval.

In *Mouton v Mynwerkers Unie* 1977 1 SA 119 (A) op 142 word die volgende gesê:

"Appellant sou op grond van nalatigheid aangespreek kon word indien hy nie oor die nodige kennis of vaardigheid beskik het nie of by die uitvoering van sy opdragte nie die mate van sorg aan die dag gelê het, wat redelikerwys van die deursnee-prokureur verwag kan word nie."

[27] 'n Ander aspek wat myns insiens van besondere belang is by beoordeling van die vraag of die bewyslas gekwyt is, is die feit dat die eiseres se aanslag daarop neerkom dat die verweerder se optrede, bykans 'n dekade gelede, met die wysheid van nabetragting beoordeel moet word. In 'n sin is 'n saak wat jare gelede afgehandel is in fyn besonderhede "oor gespeel" om te kyk of die optrede van die prokureur (verweerder) destyds voldoen het aan die standaard wat redelikerwys van die deursnee-prokureur verwag kan word.

[28] In hierdie verband het die advokate van die verweerder, in volledige betoogshoofde, na 'n aantal oorsese uitsprake verwys weens, onder andere, 'n tekort aan soortgelyke gesag in ons plaaslike regspraak.

- [29] In *Duchess of Argyll v Beuselinck* [1972] 2 Lloyd's Rep 172 (Ch) word die volgende gesê op 185:

"In this world there are few things that could not have been better done if done with hind-sight ... but hind-sight is no touchstone of negligence. The standard of care to be expected of a professional man must be based on events as they occur, in prospect and not in retrospect ..."

- [30] In *O'Carroll v Diamond* [2005] PNLR 34 (SC of Ireland) word die volgende gesê op 672:

"Looking at a transaction with hind-sight often suggests standards which are unattainable in practice."

- [31] Wat Suid-Afrikaanse gesag betref is ek verwys na *Sea Harvest Corporation v Duncan Dock Cold Storage* 2000 1 SA 827 (SCA) op 842 waar met goedkeuring aangehaal is uit *S v Bochrus Investments (Pty) Ltd and Another* 1988 1 SA 861 (A) op 866J-867B:

"In considering this question [what was reasonably foreseeable], one must guard against what Williamson JA called 'the insidious subconscious influence of *ex post facto* knowledge' ... Negligence is not established by showing merely that the occurrence happened (unless the case is one where *res ipsa loquitur*), or by showing after it happened how it could have been prevented. The *diligens paterfamilias* does not have 'prophetic foresight' ... In *Overseas Tankship v Morts Dock & Engineering Co Ltd*

(The Wagon Mound) 1961 AC 388 (PC) [1961] 1 All ER 404, Viscount Simmons said at 414G-H (in the All ER):

"After the event, even a fool is wise. But it is not the hind-sight of a fool; it is the foresight of the reasonable man which alone can determine responsibility."

[33] In *Durr v Absa Bank Ltd and Another* 1997 3 SA 448 (SCA) word die volgende gesê op 453D-E:

"Hind-sight is not vouchsafed the common man as he picks his course through life. This must be kept constantly in mind in a case like this one, where all is so obvious now."

[33] Nog 'n faktor wat myns insiens van kardinale belang is by beoordeling van die vraag of die prokureur destyds nalatig was toe hy besluit het om die skikking aan te beveel, is die manier waarop die prokureur destyds sy oordeel uitgeoefen het voordat hy die skikking aanbeveel het. 'n Prokureur in die posisie van die verweerder, destyds, word gekonfronteer met verskeie faktore en oorwegings voordat hy besluit watter opsie om uit te oefen. Daar is bv faktore soos die aard van die beserings, die meriete van die saak indien dit op verhoor sou gaan en nie geskik word nie, die vertroue wat die prokureur het in sy kliënt se vermoë om 'n verhoorhof gunstig te beïndruk, die indruk wat die prokureur het van sy kliënt se verdienvermoë voordat die ongeluk plaasgevind het, moontlike teen-argumente

wat die opposisie mag opper en nadelige feite wat aan die lig mag kom as die opposisie die saak ook deeglik ondersoek en, les bes, die kwessie van koste.

[54] In hierdie verband is daar ook namens die verweerder betoog, tereg na my mening, dat daar in gedagte gehou moet word dat prokureurs uiteenlopende benaderings tot litigasie het. Die een prokureur mag meer aggressief litigeer en elke saak tot die bitter einde dryf, soms tot voordeel van sy kliënt en soms tot laasgenoemde se nadeel. Die ander prokureur mag meer versigtig wees in sy optrede en meer geredelik 'n skikking adviseer, omdat hy glo aan die benadering dat 'n halwe eier beter is as 'n leë dop. Nie een van die twee benaderings hoef noodwendig neer te kom op nalatigheid nie.

[55] Ek is ook daarop gewys namens die verweerder dat die eiseres aanvanklik (soos ek reeds aangetoon het) slegs staatgemaak het op die bewering dat die verweerder fouteer het deur 'n ontoereikende skikking aan te gaan en later, nadat die saak reeds 'n aanvang geneem het, die eis gewysig het deur by te voeg dat die verweerder ook versuim het om die saak behoorlik te ondersoek. Beide hierdie aksies slaan op die oordeel van die verweerder as prokureur. Dit moet geweeg word aan die hand van die faktore wat ek reeds genoem het, en ook aan die hand van gesag waarna ek namens die verweerder verwys is en wat ek kortliks hieronder sal behandel.

[56] In *Saif Ali v Sydney Mitchell & Co* [1978] 3 All ER 1033 (HL), 'n saak wat gegaan het oor die beweerde nalatigheid van 'n advokaat, word die volgende gesê op 1051g:

"Lawyers are often faced with finally balanced problems. Diametrically opposite views may and not infrequently are taken by barristers, and indeed by judges, each of whom is exercising his reasonable, and sometimes far more than reasonable, care and competence. The fact that one of them turns out to be wrong certainly does not mean that he has been negligent."

[57] Ek is ook namens die verweerder daaraan herinner dat hierdie saak oor baie dae uit elke hoek en in die fynste besonderhede ontleed is. Dit is nie 'n luukse wat die gewone deursnee-prokureur gewoonlik beskore is wanneer hy 'n opdrag aanvaar en besluit watter benadering om te volg en of hy moet skik of moet prosedeer nie.

[58] 'n Volbloed verhoor waarin 'n saak tot die been oopgeplek word mag, in 'n gepaste geval, nodig wees om die korrekte resultaat te bereik, maar dit hoef nie noodwendig 'n geskikte manier te wees om vas te stel of 'n prokureur, jare tevore, nalatig was om, na sy oordeel, en met die destydse inligting en bronne tot sy beskikking, 'n skikking te beding nie.

[59] Die geleerde skrywer, *Midgley, supra*, sê op 141:

"It is not sufficient ... to allege that, had the matter gone to trial, the award for damages might have been higher than the settlement, for in reaching a settlement, a lawyer exercises his professional judgment and also considers other factors, such as costs. Provided that he acts honestly and carefully in the client's best interest, his judgment should not be undermined."

[10] 'n Goeie illustrasie van die uitdaging waarvoor 'n litigant, soos die eiseres, te staan kom wat probeer bewys dat die prokureur nalatig was toe hy 'n skikking aanbeveel het, is te vind in die woorde van die geleerde regter in die Ontario High Court beslissing van *Karpenko v Paroian, Courey, Cohen and Houston* (1981) 17 DLR (3d) 383 op 397-398:

"What is relevant and material to the public interest is that an industrious and competent practitioner should not be unduly inhibited in making a decision to settle a case by the apprehension that some Judge, viewing the matter subsequently, with all the acuity of vision given by hind-sight, and from the calm security of the Bench, may tell him that he should have done otherwise. To the decision to settle a lawyer brings all his talents and experience both recollected and existing somewhere below the level of the conscious mind, all his knowledge of the law and its processes. Not least he brings to it his hard-earned knowledge that the trial of a law-suit is costly, time consuming and taxing for everyone involved and attended by a host of contingencies, foreseen and unforeseen. Upon all of this he must

decide whether he should take what is available by way of settlement, or press on. I can think a few areas where the difficult question of what constitutes negligence, which gives rise to liability, and what at worst constitutes an error of judgment, which does not, is harder to answer. In my view it would be only in the case of some egregious error that negligence would be found."

(Ek onderstreep.)

"Egregious" word in die *Tweetalige Woordeboek* van Bosman, Van der Merwe & Hiemstra bl 835 soos volg beskryf: "Uitblinkend, oortreffend, ongehoord."

[41] In *Kelley v Corston* [1998] QB 686 (Q) op 700c-f word die volgende gesê:

"... the advice on which settlements are based will reflect many different considerations ... The circumstances are infinite. One specific feature relating to all settlements needs attention. Every lawyer in practice and every judge knows that there is no such thing as the case which is bound to succeed. Experience shows that cases with the brightest prospects of success somehow fail and it is difficult to under-estimate the value of the certainty provided by a settlement as opposed to the continuing risks of litigation through to judgment. This factor alone should militate against successful proceedings based on criticism of advice leading to a settlement."

(Ek onderstreep.)

4. In *Griffin v Kingsmill and Others* [2001] Lloyd's Rep PN 716 (CA) op 725-726 word die volgende gesê:

"... or in a very complex case it may be that in advising settlement too much weight is given to some factors and not enough to others. Here again a difficult judgment has to be made; and unless the advice was blatantly wrong, ie such as no competent and experienced practitioner would give, it cannot be impugned and the prospects of successfully doing so would seem very slight."

(Ek onderstreep.)

[43] Teen hierdie agtergrond moet die eiseres bewys dat die optrede van die verweerder nie binne die kader val van wat redelikerwys van die deursnee-prokureur onder dieselfde omstandighede verwag kan word nie. In die praktyk, in 'n geval soos hierdie, moet die eiseres eintlik verder gaan: sy moet bewys dat as die betrokke skikking nie aangegaan is nie, maar die saak bv op verhoor gegaan het, sy 'n toekenning sou gekry het wat beduidend hoër was en sy moet ook die waarskynlike omvang van so 'n hoër toekenning bewys.

[44] Nog 'n faktor wat myns insiens in ag geneem moet word by oorweging van die getuienis, is die feit dat die eiseres die dertiende van sestien getuies was wat namens haar getuig het. Hierdie feit is by herhaling namens die verweerder tydens die verhoor geopper. Dit het veroorsaak dat die eiseres se getuies, of die

groot meerderheid van hulle, nie gekruisvra kon word oor die getuienis van die eiseres nie en dat laasgenoemde se getuienis nie aan hulle gestel kon word vir kommentaar nie. Terselfdertyd is die getuies ontnem van die geleentheid om kommentaar, op hulle eie, te lewer op die getuienis van die eiseres.

Die gevolg hiervan was dat van die deskundiges wat namens die eiseres getuig het, hulle getuienis in 'n mate gebaseer het op die geskiedenis wat die eiseres tydens voorbereiding van die regsmediese verslae aan hulle verskaf het terwyl dit gedurende die loop van die verhoor geblyk het dat die geskiedenis wat verskaf is foutief was.

[44] Dit blyk uit die getuienis dat die eiseres deurgaans beskikbaar was om vroeër te getuig.

[45] Ek is namens die verweerder verwys na die volgende woorde van die geleerde skrywers Schmidt en Rademeyer, *Bewysreg* 4de uitgawe p466:

"Deskundige getuienis het min waarde as dit nie aan die feite van die saak gekoppel word nie."

Getuienis wat aangebied is namens die eiseres

[46] Die oorkonde van die getuienis beloop meer as 2 000 bladsye. Daar was sestig getuies namens die eiseres en vier namens die verweerder. Dit sluit die eiseres en die verweerder in. Dit is nie doenlik om al die getuienis haarfyn te ontleed nie.

Ek sal poog om te konsentreer op aspekte wat myns insiens deurslaggewend is vir doeleindes van die beregting van die betrokke geskilpunte.

iii Prof Vivian Una Fritz

[17] Prof Fritz is 'n vooraanstaande neuroloog. Haar deskundigheid is nie in geskil geplaas nie. Sy het die eiseres ondersoek op 25 Junie 2003 en 'n regsmediese verslag voorberei vir doeleindes van hierdie verhoor. Haar verslag is bewysstuk "D29". Sy het getuienis aangebied gebaseer op haar verslag.

[48] Wat die hoofbesering betref, het die getuie tot die gevolgtrekking geraak dat daar sterk aanduidings is dat die eiseres 'n "moderately severe head injury" gehad het. Van hierdie bevindings is gebaseer op die geskiedenis wat die eiseres verskaf het. Dit sluit hoofpyne en duiseligheid in asook ernstige geheue probleme.

[49] Wat amnesia of geheueverlies ten opsigte van die botsing betref, het sy bevind dat daar 'n tydperk van ongeveer vyftien minute geheueverlies was ten opsigte van die gebeure voor die botsing ("retrograde amnesia") en minstens vier en twintig uur post-traumatische amnesia. Die geskiedenis wat die eiseres aan haar verskaf het dui op post-traumatische amnesia van meer as 'n maand.

[50] Die getuie het ook bevind dat die eiseres nie weer in enige sinvolle hoedanigheid tot die arbeidsmark sal kan toetree nie. Latere gebeure het bewys dat hierdie gevolgtrekking verkeerd was. Ek sal weer na hierdie onderwerp verwys.

[51] Die eiseres het 'n paar leuens aan die getuie vertel. Een daarvan was dat sy voor die botsing op 'n stadium haar eie haarsalon gehad het en die ander was dat sy 'n histerektomie gehad het. Die getuie het getoon dat nie een van hierdie bewerings waar is nie. In kruisondervraging het die getuie toegegee dat hierdie valse bewerings nie toegeskryf kan word aan breinskade nie.

[52] Die getuie het ook samesprekings gevoer met dr G Marus, die neuro-chirurg wat namens die verweerder getuig het. Hulle het 'n gesamentlike notule opgestel wat ingedien is as bewysstuk "41a".

Beide die deskundiges het saamgestem dat die eiseres getuig van 'n voor-trauma amnesia van ongeveer vyftien minute. Volgens die notule sê prof Fritz dat na haar mening daar "a brain injury of at least moderate degree" was. Kognitiewe abnormaliteite moet deur 'n neuro-sielkundige vasgestel word. Dr Marus verskil van die getuie, aldus die notule, en stel dit dat "it is possible that she had a mild concussion, but no significant brain injury can be detected on review of objective information available". Die twee deskundiges stem ook saam dat die eiseres aansienlike emosionele trauma beleef vanweë die verlies van haar kind asook die nagevolge van haar fisiese beserings.

[53] Ek voeg by dat die eiseres se prokureurs 'n regsmediese verslag van 'n ginekoloog, dr Herholdt, gedateer November 2003, voorgelê het. Hierdie verslag is gedateer

nadat die eiseres aan prof Fritz gesê het dat sy 'n histerektomie gehad het. Volgens die ginekoloog se verslag het sy nie 'n histerektomie gehad nie. Soos ek die getuienis verstaan het, het sy tydens die verhoor, jare later, ook nog nie 'n histerektomie gehad nie.

34 In kruisondervraging is die getuie verwys na 'n eedsverklaring wat die eiseres gemaak het in Maart 2003, nadat hierdie aksie ingestel is. Dit is 'n lywige dokument, "G252" tot "G272". Dit is op die oog af daarop gemik om besonderhede te verskaf van die eiseres se verdienste voor en na die besering en ook haar verdienvermoë. Die eedsverklaring bevat baie besonderhede en detail wat nie strook met die getuienis wat die eiseres afgelê het nie. Dit plaas ook 'n vraagteken oor haar getuienis tydens die verhoor, waarin sy in vele opsigte die indruk geskep het dat sy bitter min kan onthou van 'n aantal belangrike aspekte.

35 'n Voorbeeld hiervan is wat sy te sê gehad het, in die betrokke eedsverklaring, oor 'n haarsalon wat sy na bewering in Pietersburg sou besit het:

"'n Tyd nadat my moeder afgesterf het, het my vader vir 'n tweede keer in die huwelik getree. My pa se nuwe eggenote se familie, het my oortuig dat daar vir my uitstekende besigheidseleenthede in Pietersburg bestaan. My pa se eggenote se dogter, Charmaine was reeds in Pietersburg en ek het met haar kontak gemaak. Later het ek myself in Pietersburg gaan vestig en ek en Charmaine het 'n skoonheidssalon naamlik Hair Studio gestig. Charmaine was ervare wat betref nael tegnologie en sy het 'n

bestaande kliëntebasis in Pietersburg gehad. Ek het die haarsny gedeelte van die besigheid behartig en Charmaine het met kliënte se naels gewerk. Charmaine het stadigaan begin belangstel in haarsny en ek het haar daarin opgelei. In hierdie tyd het ek ook 'n kommune begin en huisvesting verskaf aan jongmense wat aan die kerk verbonde was."

Later sê sy ook dat sy op 'n stadium toe sy haar weer in Welkom gaan vestig het haar aandeel in Hair Studio aan Charmaine verkoop het.

[56] Dit is gemene saak dat die eiseres nooit 'n cienaar van 'n haarsalon was saam met Charmaine nie. Sy het eintlik net vir Charmaine gewerk.

[57] Dit is op 'n stadium namens die eiseres aan die hand gedoen dat die ernstige verskille tussen die ware feite en wat sy van tyd tot tyd aan onderskeie deskundiges en andere meegedeel het te wyte is aan haar breinskade. Laat in die verhoor het die onderwerp van "confabulation" of "konfabulasie" opgeduik. Dit is 'n toestand wat 'n breinbeseerde kan noop om in sekere omstandighede met versinsels vorendag te kom.

[58] Prof Fritz het nie hieroor getuig nie en is ook nie hieroor gekruisvra nie. Trouens, nie een van die eiseres se deskundiges het in hulle verslae van "confabulation" melding gemaak nie. Prof Fritz is egter soos volg gekruisvra oor die verskil tussen die eiseres se getuienis en die ware feite:

"No, no, no. That was not my question professor. If in fact she said she was a partner when she was an employee, would you agree with me that would not be consistent with brain damage? --- I would agree with that M'Lord.

The terms you used were variability and problems in recounting exactly what happened, those would not explain this kind of discrepancy, would they? --- The presence of a brain damage should not account for not knowing whether you are an employee or a partner M'Lord."

[59] 'n Ander voorbeeld is dat die eiseres vir die getuie, prof Fritz gesê het dat haar tweede eggenoot haar na die botsing verlaat het omdat hy gesê het dat hy nie getroud wil wees met 'n gestremde of 'n kreupele nie. Later het dit geblyk dat die egliede reeds voor die botsing uitmekaar is.

[60] Dan is daar ook die voorbeeld van die histerektomie wat die eiseres vir die getuie gesê het sy gehad het, terwyl dit onwaar was. Hieroor word die getuie soos volg gekruisvra:

"If the plaintiff told you she had had a hysterectomy whereas she had not, that could not be explained away on the basis of brain damage, not so? --- That is correct."

[61] Die getuie is ook gekruisvra oor haar bevindings, *supra*, soos uiteengesit in haar regsmediese verslag dat die eiseres nooit weer 'n sinvolle toetrede tot die

arbeidsmark sou maak nie. Sy sê bv die volgende: "her future potential for earning is very limited" en "it appears that she will not be able to work again in any kind of meaningful capacity".

Die pessimistiese voorspelling van die getuie is egter deur die onbetwiste feite verkeerd bewys. In 2004 het die eiseres 'n aanstelling aanvaar by 'n maatskappy SBV Dienste (Edms) Bpk. Ten tyde van die verhoor was sy steeds daar werksaam. Tydens haar werkstermyn het sy verskeie verhogings en promosies gekry. Dit is gemene saak. Ek is nie voornemens om al die feite in hierdie uitspraak te herhaal nie. Ter illustrasie van sommige van die syfers en verhogings haal ek wel grepe uit die kruisondervraging van prof Fritz aan:

"You will see that this is a payslip from SBV Services (Pty) Ltd, you will see that it relates to the plaintiff. You will see the date of engagement, ... 27 October 2004? --- Yes I see that.

... It is the cost to company is R4 260 and then the RFI is presumably the figure that the employee gets R3 770,19. Do you see that? --- I do.

... you will see that the plaintiff was transferred and promoted as an admin clerk to head office with effect from 1 August 2005, do you see that? --- I do.

And you will see that the CTC (cost to company) and the RFI figures increased, do you see that? --- I do.

And then if I could ask you to return to page 148 you will see a further promotion to job, from job grade 6 creditors clerk to job grade 7 creditors clerk with effect 1 March 2006, do you see that? --- I do.

With again an increase in salary to a new RFI figure of R6 900,00, do you see that? --- I do.

Then if you turn to page 147, B147, you will see on 17 July in recognition of effort and performance on salary review it was increased further do you see that? --- I do.

And then if you turn to page, and you will see on page 147 the plaintiff is thanked for her support and the hope is expressed that she will attain even greater heights the coming year, do you see that? --- I do.

And you see that the increase is in recognition of effort of performance, do you see that? --- I do see that yes.

Now as I understand it the plaintiff has been in that employment since October 2004 with these promotions since? --- Yes.

As a creditors clerk? --- I see that yes.

Does it surprise you that she is able to maintain that kind of post with the degree of brain damage you evaluated? --- M'Lord? I evaluated a moderate defused concussive brain injury in which 40% of patients can in fact have cognitive problems and also the fact that there has been an emotional component. And therefore recommended that she should be evaluated by a neuro-psychologist whose speciality it would be to try and distinguish between whether the abnormalities I found were in fact

entirely due to cognitive or whether they were in fact emotional and depressive as well. All I can say is that I am delighted that she has gone forward like this since I have seen her and that clearly she has been able to undertake employment in a more meaningful capacity which would therefore imply that my evaluation of her neuro-cognitive status at the time related an emotional and depressive component as well as the brain injury. So I can just say that I think that it is terrific that she has managed this. ...

It related to a depressive and what other component? --- And emotional because we have said all along there were a depressive and behavioural aspect to this brain injury as well as a moderate diffuse concussive brain injury. And the two would in fact be interrelating and I would require a neuro-psychologist to further explore the role of each of these and I cannot assess her further than when I saw her in 2003 which is when I last saw her."

- [52] Dit kom dus voor asof die getuie toegee dat daar 'n sterk emosionele en depressiewe komponent teenwoordig is wat, tesame met die beweerde matige breinbesering, kan bydra tot die simptome wat die eiseres ervaar. Soos ek dit verstaan, kan die emosionele en depressiewe simptome te doen hê met die verlies van die kind en die nagevolge van die ortopediese beserings. Dit blyk ook dat die getuie haar verlaat op wat 'n neuro-sielkundige oor die onderwerp te sê mag hê.

"B147", waarna verwys is in die kruisondervraging, *supra*, is 'n brief van die eiseres se werkgever wat aan haar gerig is op 17 Julie 2006, knap voor die begin van die verhoor. Dit lees soos volg:

"In recognition of your effort and performance, your salary has been increased with effect from 1 July 2006.

Your RFI amount would increase to R7 417,87 per month.

Thank you for your support and I trust that you will attain even greater heights this coming year."

Dit is geteken deur die finansiële bestuurder.

14 Dit blyk, myns insiens, onteenseglik duidelik uit die getuienis dat die eiseres na die botsing 'n baie meer indrukwekkende en stabiele werksloopbaan van stapel gestuur het as voor die botsing. Voor die botsing het sy 'n twyfelagtige, onindrukwekkende werksloopbaan gehad. Sy het rondgeval, in kort tussenposes, van die een betrekking na die ander. Sy het haar studies nie voltooi nie. Haar inkomste was karig, om die minste te sê. Vir lang tye was daar onderbrekings in haar werksloopbaan, en het sy by haar ouers gewoon. Baie van hierdie feite kom uit die mond van haar vader, mnr Sampie Nel, wat ook getuig het. Soos ek reeds gesê het strook die feite nie met die gedetailleerde beeld-poetsery wat te vinde is in die lang eedsverklaring, "G252-257" nie. Die inhoud van laasgenoemde

dokument strook ook nie met die eiseres se eie getuienis tydens die verhoor en haar beweerde onvermoë om belangrike besonderhede te onthou nie. Ek sal later terugkeer na hierdie onderwerpe.

[55] Teen hierdie agtergrond, en gedagtig aan die ware geskilpunte, en die bewyslas, *supra*, wat op die eiseres rus, ontstaan die volgende vrae: gedagtig daaraan dat die eiseres na die besering 'n beter werksrekord gehandhaaf het as voor dit, sou sy op die waarskynlikhede 'n beter toekenning op verhoor gekry het as wat sy met die skikking bewerkstellig het? Sou haar swak werksrekord en wisselvallige getuienis haar nie gekniehalter het nie? In die besonderhede van eis word in die vooruitsig gestel dat die verhoor teen einde Februarie 2005 afgehandel kon gewees het. Teen daardie tyd sou die eiseres reeds by SBV Dienste werksaam gewees het, minstens op die waarskynlikhede.

[66] Die waarde van die artikel 17(4)(a) sertifikaat, as deel van die skikking, kan nie onderskat word nie. Dit maak voorsiening vir alle toekomstige mediese- en aanverwante koste. Dit vernou die speelveld eintlik net tot die eise ten opsigte van gelede en toekomstige verlies aan inkomste, want die toekenning ten opsigte van algemene skade van R90 000,00, in 2002, kan, myns insiens, kwalik gereken word as so ontoereikend dat geen redelike prokureur dit sou aanvaar het nie. Op die waarskynlikhede sou die bestaan, of gebrek daaraan, van 'n breinbesering in die verhoor net so sterk in die kollig geplaas gewees het as in die verhoor wat voor my gedien het. In die lig van die getuienis van dr Marus, en dr Capitani,

waarna ek later sal verwys, is dit moeilik om te bevind dat die verhoorhof in die saak wat die eiseres in die vooruitsig stel op die waarskynlikhede sou bevind het dat daar wel 'n betekenisvolle breinbesering was. Die permutasies en moontlikhede is legio. Die vraag ontstaan of die vroeë skikking nie moontlik 'n bedekte seën was nie. Die gevleuelde woorde van die geleerde regter in die Kanadese saak van *Karpenko, supra*, word weer in herinnering geroep:

"Upon all of this he must decide whether he should take what is available by way of settlement, or press on. I can think of few areas where the difficult question of what constitutes negligence, which gives rise to liability, and what at worst constitutes an error of judgment, which does not, is harder to answer. In my view it would be only in the case of some egregious error that negligence would be found."

(i) Magiel Erasmus

[6.2] Die getuie is 'n paramedikus by Nedcare 911. Hy en sy span was kort na die botsing op die toneel. Hy het noodbehandeling op die eiseres toegepas. Hy het haar voor die tyd geken.

[6.3] Die eiseres is afgevoer na die Hydromed hospitaal in Welkom en van daar na die Pelonomi hospitaal in Bloemfontein. Terwyl die eiseres nog agter in die kar gesit het na die botsing het sy met tye met die getuie gekommunikeer en met tye het dit gelyk asof sy in 'n beswyming is.

[69] Op pad van die Hydromed in Welkom na die Pelonomi in Bloemfontein het die eiseres kort kort gekla oor haar beserings. Sy was meer by haar positiewe as wat sy aanvanklik was.

[70] Die getuie het ook getuienis aangebied oor die sogenaamde "Glasgow-Coma Scale" ("GCS"). Breedweg, is dit 'n skaal van 3 tot 15 aan die hand van sekere fisiese tekens of simptome van die pasiënt om die "global aspects of brain injury" aldus prof Fritz, te bepaal. Dit gaan oor die reaksie van die oë, verbale kommunikasie, ander motoriese bewegings en nog ander faktore. Hoe hoër die telling, hoe beter gaan dit met die pasiënt. In 'n reël 36(9) kennisgewing wat ten opsigte van hierdie getuie se getuienis ingedien is, word gestel dat hy sou sê dat die GCS van die eiseres 8 uit 15 was. In die hof het hy getuig dat dit tussen 8 en 10 kon gewees het en in kruisondervraging het hy op 'n stadium by 12 uitgekom. Hy het toegegee dat as die eiseres se GCS tussen 8 en 10 was by opname in die Welkom Hydromed die medici 'n hoofbesering sou diagnoseer het. Dit het hulle nie gedoen nie. In die eiseres se kliniese rekords van die trauma register van die Welkom Hydromed word daar nie melding gemaak van 'n GCS wat so laag is nie. Dit is aan die getuie gestel dat, volgens hierdie rekords, die narkotiseurs wat die eiseres moes voorberei vir die operasies wat sy ondergaan het nie aandag gegee het aan die moontlikheid van 'n hoofbesering in hulle voorbereiding van die eiseres nie. Hierdie toegewing is deur die getuie gemaak.

[71] Dit blyk ook uit die kruisondervraging dat die getuie gesê het dat die GCS van 'n ander dame wat in die botsing beseer is, me Sharon du Plessis, 12 uit 15 was, terwyl die rekords van die Unitas hospitaal getoon het dat sy opgeneem is met 'n GCS van 15 uit 15. Die getuie het toegegee dat pasiënte se toestand kan verbeter vanaf die stadium wat hulle op die toneel gestabiliseer word totdat hulle opgeneem word.

[72] In die reël 36(9) kennisgewing ("D126") word gesê dat die getuie sou getuig dat hy die eiseres vergesel het aanvanklik na die Welkom Hydromed hospitaal en daarna na die Pelonomi hospitaal in Bloemfontein en dat haar toestand wat betref haar bewussynsvlak in daardie tyd nie verbeter het nie. In kruisondervraging het die getuie toegegee dat hierdie stelling verkeerd is en dat haar bewussynsvlak inderdaad in daardie tyd verbeter het. In kruisondervraging het die getuie ook geredelik toegegee dat dit moontlik is dat sy herinnering wat betref die eiseres in sekere opsigte verkeerd kan wees.

(iii) Nadine Chantelle Kriel

[73] Die getuie was die onmiddellike hoof van die eiseres waar sy werksaam was by SBV Sekuriteit. Die getuie was die senior krediteure rekenmeester by SBV toe sy getuig het.

[74] Sy en die eiseres kom eintlik 'n lang pad want toe die eiseres nog in Pietersburg vir SBV gewerk het, het die eiseres getuig in 'n dissiplinêre verhoor van 'n kollega

aldaar wat ongerymdhede gepleeg het. Die kollega is ontslaan en daarna het die getuie en die eiseres doodsdreigemente gekry. Die eiseres het toe aansoek gedoen vir 'n pos by hoofkantoor in Johannesburg. Sy het soontoe gegaan vir 'n onderhoud en is op 'n hoër posvlak aangestel. Ek meen dit is billik om te sê dat die getuie simpatiek staan teenoor die eiseres.

[75] Die kern van die hoofgetuienis van hierdie getuie kan miskien saamgevat word deur te sê dat sy die indruk probeer skep het dat die eiseres se werk nie op dieselfde standaard is as dié van die ander krediteursklerke nie. Sy word soms moeg by die werk en moet gereeld ook werk huis toe neem om die werkslas af te handel.

[76] In kruisondervraging is dit aan die getuie gestel dat die eiseres 'n hoër werkslading het en soms ander wat nie by die werk opgedaag het nie se werk moet doen. Hierdie stelling is nie betwis nie.

[77] Die getuie se getuienis is onderbreek sodat die personeel-lêer bekom kon word.

[78] By 'n latere geleentheid het die finansiële ouditeur van die betrokke kantoor, mnr Van Niekerk, die personeel-lêer gebring. Hy het nie self getuig nie, maar dit is aan die getuie, me Kriel, in verdere kruisondervraging, gestel dat mnr Van Niekerk met hoër lof van die eiseres as 'n werknemer gepraat het.

[79] Die uitslae van die evaluerings wat van die eiseres as 'n werknemer gemaak is, en wat in die personeel-lêer verskyn, strook nie met die getuienis van me Kriel dat die eiseres nie goed presteer nie. Dit dui op die teenoorgestelde. In 'n evalueringsverslag van 20 Junie 2006 wat deur beide me Kriel en mnr Van Niekerk onderteken is, word die volgende van die eiseres gesê:

"Malitza is always willing to help out whenever anyone is on annual/sick leave. Exceptional contributions to get her range of creditors on thirty day terms and have a good relationship with creditors. Her support in the office is valuable to all."

Dit is bewysstuk "K139". "K138" is 'n prestasie vorm waar sy 'n punt toegeken word vir elk van sewentien fasette van die werk. Vir twee van die fasette kry sy volpunte van 5 ("exceptional performance"), vir agt van die fasette kry sy 4 ("high performance") en vir ses kry sy 3 ("competent performance"). Net ten opsigte van een faset "clearing of VAT control account" het sy 'n punt van 2 ("performance needs to improve") gekry.

[80] By die behandeling van prof Fritz se kruisondervraging, is die stellings wat aan haar gemaak is oor die promosies en salarisverhogings van die eiseres sedert sy by SBV aangesluit het aangehaal. Ek gaan dit nie herhaal nie.

[81] Dit blyk dus uit die dokumentasie en die objektiewe getuienis dat die eiseres 'n suksesvolle loopbaan by SBV het en gereken word as 'n bekwame werkster. Soos

ek reeds aangedui het, is haar werksloopbaan na die botsing meer stabiel en bekwaam as wat dit voor die botsing was. Dit is nie 'n toedrag van sake wat bevorderlik is vir 'n hoër eis ten opsigte van toekomstige verlies aan inkomste nie. Dit is nie 'n faktor wat staving verleen aan die eiseres se saak dat die destydse skikking so ontoereikend was dat die verweerder nalatig was om die saak op daardie basis te finaliseer nie.

(iv) Hester C S Webber

[82] Me Webber is 'n ouer suster van die eiseres.

[83] Sy was vier jaar voor haar op skool. Na skool het sy 'n rukkie in 'n woonstel in Welkom gebly voordat sy na Pretoria verhuis het. Op 'n stadium het sy die eiseres vir 'n tydjie daar gehuisves toe laasgenoemde by Ou Mutual gewerk het. Dit was voor die botsing.

[84] Sy het getuig oor hoe sy die eiseres in haar beseerde toestand na die botsing besoek het en hoe sy gelyk het.

[85] Sy weet ook van die twee huwelike van die eiseres. Die een met mnr De Bruto, die vader van Marté, was van korte duur. Sy is ook kort na haar tweede huwelik van die tweede eggenoot, mnr Van Eeden, vervreem.

- [86] Sy het getuig oor die gemoedstoestand en optrede van die eiseres na die botsing. Dit lyk asof sy 'n persoonlikheidsverandering ondergaan het. Sy was meer aggressief en het ook anti-sosiaal geword. Sy woon nie maklik meer familiebyeenkomste by nie. Sy raak aggressief met die dokter se ontvangsdame en wil nie hê hulle moet haar laat wag vir die afspraak nie.
- [87] Sy het ook onverantwoordelike besigheidstransaksies aangegaan. Dit kom voor asof sy staatgemaak het op die toekenning wat sy uit die saak sou kry. Sy het na die ongeluk sielkundige behandeling in Welkom gekry.
- [88] Op 'n stadium het die eiseres haar gebel en gesê sy is geskok want die eis is geskik en "daar is nie meer geld nie".
- [89] Sy weet dat die eiseres 'n epileptiese aanval gehad het toe sy nog jonk was. Dit is gemene saak tussen die partye. 'n Breinskandering het dit ook geboekstaaf.
- [90] In kruisondervraging is die getuie gekonfronteer met wat die eiseres aan sekere van die deskundiges gesê het soos dit in die regsmediese verslae verskyn. Die getuie meen dat die eiseres op skool netbal gespeel het maar sy weet nie van hokkie nie. Sy spekuleer dat die eiseres dalk hokkie gespeel het. Vir dokter Capitani het die eiseres gesê dat sy vir die eerste hokkiespan gespeel het en ook teikenskiet gedoen het. Daar is niks van netbal gesê nie. Hiervan het die getuie nie geweet nie. Vir me May het sy gesê dat sy na skool vir 'n BA graad in

sielkunde gestudeer het. Die getuie sê dit is nie korrek nie want die eiseres het nie gaan studeer nie. Sy ontken dat die eiseres na matriek na Bloemfontein universiteit gegaan het. Die bewering aan prof Fritz deur die eiseres dat sy haar eerste jaar BA voltooi het en toe na die technikon gegaan het en haar NTC 1-4 vir haarkappers en skoonheidstegnoloë gedoen het, het die getuie ook ontken. Vir prof Fritz het die eiseres gesê dat na die kind in 1996 gebore is het sy net vir 'n week met die pa getroud gebly om die kind 'n naam te gee. Die getuie het dit ontken. Sy sê hulle was langer getroud. In haar lang eedsverklaring, *supra*, "G252" en verder, sê die eiseres dat haar vader haar gedwing het om te trou. Die getuie het dit ook ontken. Die getuie het die eiseres se getuienis dat haar vader die woonstel omskep het in 'n haarsalon ook ontken. Ander getuienis van die eiseres in "G252" en verder oor haar prestasies en inkomste in 'n haarsalon het die getuie ook betwis.

[21] Die getuie is gekruisvra oor haar getuienis dat die eiseres nie meer omgee oor haar voorkoms of grimering dra nie. Dit is gestel dat 'n deskundige, me Anneke Greeff, reeds in 'n verslag gedateer 2001 die volgende gesê het oor 'n konsultasie op 16 Mei 2001:

"Malitza het stiptelik gearriveer, was netjies geklee en vriendelik. Haar hare was gekleur, sy het grimering gedra en vrolik voorgekom."

Die getuie het gesê dat dit nie is soos sy haar suster ervaar nie.

[92] In kruisondervraging is die getuie ook gekonfronteer met dokumentasie uit die verweerder se lêer tot die effek dat die eiseres hom opdrag gegee het om die saak te skik. Sy kon dus nie geskok en verbaas gewees het om te hoor van die skikking nie.

[93] Ten opsigte van getuienis deur die getuie dat sy by haar suster gehoor het dat die verweerder haar geadviseer het om te bedank by haar werk aangesien dit haar saak kan benadeel as sy werksaam is, is die getuie gekonfronteer in kruisondervraging, met betrekking tot die eiseres se werk by Digitata, Saambou in Pietersburg met redes wat die eiseres aan die deskundiges gegee het oor waarom sy die werk daar laat vaar het. Aan die sielkundige mnr Mallinson het sy die volgende gesê:

"She was able to work after hours to keep up with her work during busy periods, but there were times when there was very little work and she had nothing to do. She then broke her wrist with arthrodesis lifting a box at work. While she was off work because of her wrist Saambou went under."

Ek voeg by, dat, alhoewel die getuie nie hieroor gekruisvra is nie, het sy die volgende aan prof Fritz gesê oor waarom sy Digitata verlaat het:

"In July to August 2001 went to work for Digitata Saambou, then required another wrist and mandibula operation. As a consequence she was not able to maintain her work at Digitata Saambou for more than four months and she left at the end of November 2001."

Op geen stadium het sy gesê dat die verweerder se opdrag aan haar om te bedank 'n rol gespeel het nie.

[94] Die getuie het ander getuienis van haar suster ook bevraagteken. Onder andere het die eiseres in die eedsverklaring "G252" en verder gesê dat sy swanger geraak het na aanleiding van 'n enkele romantiese insident. Die getuie het gesê dat haar suster in 'n verhouding betrokke was met die vader van Marté voordat die suster swanger geraak het.

Waar die getuie gesê het dat haar suster 'n swak slaap-patroon gehad het na die ongeluk, is sy gekonfronteer met opmerkings deur 'n aantal deskundiges tot die effek dat die eiseres se slaap-patroon normaal was en dat sy goed geslaap het.

(v) Brian Roy Mallinson

[95] Mnr Mallinson is 'n neuro-sielkundige.

Hy het die eiseres in Augustus 2003 ondersoek, nadat hierdie aksie ingestel is. Hy het getuig oor sy regsmediese verslag, bewysstuk "D42" tot "D61".

[96] Vir doeleindes van sy gevolgtrekkings het hy verwys na prof Fritz se mening dat daar 'n matige tot "moderately severe" breinbesering was. Hierna het ek reeds verwys. Hy het ook verwys na dr Shevel, *infra*, se diagnose van 'n organiese

brein sindroom met aanduidings van frontale kwab aantasting. Die getuie was nie seker of die eiseres op 'n kognitiewe basis die betrekkings wat sy post-trauma gehad het kon hanteer nie aangesien sy telkens vir ander redes hierdie betrekkings verlaat het. Die getuie het voorgestel dat kolaterale getuienis ingewin behoort te word van die werkgewers wat die eiseres post-trauma gehad het. In hierdie verband het ek reeds verwys na die getuienis van me Kriel van SBV en die goeie vordering wat die eiseres daar gemaak het. Die getuie was in die hof toe me Kriel getuig het.

[97] Die getuie het ook 'n byeenkoms gehad met dr Capitani, die neuro-sielkundige wat deur die verweerder geroep is. Die notule wat hulle saam opgestel het is "D61a" tot "D61d".

Blykens die notule is die twee deskundiges dit eens dat daar tekens is van 'n brein letsel wat veroorsaak is deur die pre-morbiede geskiedenis van epilepsie. Oor haar funksionering post-trauma verskil die twee op die volgende basis:

"Dr Capitani was of the opinion that her low verbal abstract abilities may be associated with the area of focal calcification as seen on the brain scans and the fluctuation in her performance seen on some tests may be associated with the brain scans and the history of epilepsy, as her pattern of cognitive difficulties suggested a focal left hemisphere component. Mr Mallinson is of the opinion that the difficulties seen on neuro-

psychological testing are consistent with those commonly seen following moderate concussive brain injury."

Die deskundiges het saamgestem dat die teenwoordigheid van pyn en sielkundige aanpassings wat as gevolg daarvan nodig is en verband hou met haar fisiese beserings bydra tot hoe sy tans op 'n kognitiewe en emosionele basis presenteer. Die deskundiges het kennis geneem daarvan dat die eiseres ten tye van die verhoor betrokke was in 'n langtermyn verhouding wat toe reeds drie jaar geduur het. Wat haar werkverrigting en verdienvermoë post-trauma betref het mnr Mallinson die mening uitgespreek dat die eiseres se posisie by SBV moontlik op risiko is omdat sy so hard moet werk en soms dit moeilik vind om die volume van die werk te hanteer. Dr Capitani het die mening uitgespreek dat die eiseres daartoe in staat is om intellektueel te funksioneer op dieselfde vlak as wat sy dit pre-morbied kon gedoen het. Beide die deskundiges het saamgestem dat die eiseres psigoterapie benodig. Die koste hieraan verbonde sal natuurlik gedek word deur die sertifikaat in terme van artikel 17(4)(a).

[98] In hulle betoog, het die advokate vir die verweerder die volgende kritiek aangebied ten opsigte van hierdie getuie: ten einde die toetse wat hy die eiseres laat aflê het te ontleed, het hy hom verlaat op die geskiedenis wat deur die eiseres aan hom voorgelê is ten opsigte van haar pre-morbiede funksionering. Soos ek reeds aangedui het, het hierdie geskiedenis later geblyk vals te wees. Hy was bv onder die indruk dat die eiseres matriek geslaag het met universiteitsvrystelling,

dat sy universiteit toe gegaan het en later 'n diploma in haarkappery verwerf het en dat sy haar eie suksesvolle besighede gehad het. Toe hy die toets resultate meet teen hierdie indrukwekkende pre-morbiede geskiedenis, het hy tot die gevolgtrekking geraak dat "the difficulties seen on neuro-psychological testing are consistent with those commonly seen following moderate concussive brain injury".

Om sy gevolgtrekkings te regverdig, het hy oor die toetsuitslae by gesê "... below the level one would have expected given her previous academic and work achievements" ("D50") en "... below the level one would have expected of an individual of her pre-accident achievements" ("D50").

[49] Toe dit aan hom in kruisondervraging gestel is dat sy nie matriek geslaag het met vrystelling nie en dat haar matrieksertifikaat getuig van ondergemiddelde prestasie (wat die getuie erken het) en dat sy nie universiteit toe was of haar eie besigheid gehad het nie, was die getuie nie bereid om sy mening te verander nie. Hierdie toedrag van sake plaas sy gevolgtrekkings uit die toets resultate onder verdenking. Daar is ook die brein letsels wat veroorsaak is deur die geskiedenis van epilepsie wat volgens dr Capitani insiggewend kan wees waar sy sê "... that her low verbal abstract abilities may be associated with the area of focal calcification as seen on the brain scans and the fluctuation in her performance seen on some tests may be associated with the brain scans and the history of

epilepsy, as her pattern of cognitive difficulties suggested a focal left hemisphere component".

[100] Die getuie het ook op 'n laat stadium aan die hand gedoen dat die leuens wat die eiseres vertel het toe te skryf is aan die toestand van "confabulation" of "konfabulasie" soos ek reeds genoem het. Hierdie onderwerp is nie geopper deur die getuie in sy deskundige regsmediese verslag nie en ook nie deur enige van die ander getuies van die eiseres nie. Ek het reeds daarop gedui dat prof Fritz hierdie argument verwerp het toe sy gekruisvra is oor die vraag of die leuens toegeskryf kan word aan breinskade.

(vi) Mona Cahill

[101] Sy is werksaam by 'n maatskappy wat koerierdienste in Pietersburg verskaf.

[102] Sy was destyds, in 2001, werksaam by 'n maatskappy Digitata, 'n filiaal van Saambou Bank, in Pietersburg. Dit is waar sy die eiseres ontmoet het wat ook in 2001 saam met haar daar gewerk het. Die eiseres het nie lank daar gewerk nie, miskien vir drie tot vier maande. Sy het die eiseres self in diens geneem na 'n onderhoud. Die eiseres was haar assistent en moes bv telefoonwerk verrig, oproepe hanteer asook navrae want dit is 'n persoonlike leningsbesigheid. Sy moes aansoekvorms nagaan en ook vorms wat makelaars ingebring het moes sy nagaan om seker te maak al die dokumentasie is volledig.

- [103] Sy het geweet dat die eiseres vroeër in 'n botsing beseer was. Die eiseres het ook mank geloop en dit was duidelik dat haar een hand nie behoorlik kon funksioneer nie. Sy het die eiseres soms saam met haar Pretoria toe gebring vir vergaderings. Die eiseres het wel soms baie pyn gehad maar dit het nooit gebeur dat haar toestand haar werk belemmer het nie. Sy het die werk baie geniet. Ek kry die indruk dat die eiseres ook goed gefunksioneer het in die werk. Die getuie was soms by die eiseres aan huis maar hulle was nie werklik sosiale vriende nie. Sy het wel saam met die eiseres gaan soek vir 'n huis om te koop.
- [104] Op 'n vraag hoe dit gebeur het dat die eiseres weg is by Digitata het die getuie gesê dat sy eendag by die eiseres gestaan het by haar tafel toe kry laasgenoemde 'n telefoonoproep. Sy het iets gesê van vier en twintig uur en die naam Phillip is genoem. Dit is die naam van die verweerder. Die eiseres was baie ontsteld. Op die getuie se navraag, het die eiseres gesê die prokureur het haar opdrag gegee om vier en twintig uur kennis te gee want sy behoort nie te werk as sy 'n hangende eis het nie. Die getuie het gesê sy kan nie vier en twintig uur kennis gee nie maar miskien 'n week. Die eiseres het toe 'n briefie getik. In die briefie het sy gesê volgens haar prokureur moet sy vier en twintig uur kennis gee maar sy gee maar sewe dae om meer redelik te wees.
- [105] Hierdie briefie het nooit tydens die verhoor sy verskyning gemaak nie. Die getuie het getuig vyf jaar nadat die beweerde gesprek plaasgevind het.

[106] Wat Digitata betref, het die getuie gesê dat Saambou Bank op 'n stadium gelikwider is en net voor dit is die aandele van Digitata aan Saambou verkoop met die gevolg dat Digitata ook tot 'n einde gekom het.

[107] In kruisondervraging is "D47" aan die getuie gestel, waar die eiseres, ten opsigte van die beëindiging van haar werk by Digitata, die volgende vir die getuie Mallinson gesê het:

"She then broke her wrist arthrodosis lifting a box at work. While she was off work because of her wrist Saambou 'went under'."

Vir mnr Mallinson het sy ook gesê dat "her friend secured this employment for her". Die vriend moet die getuie wees, want laasgenoemde het gesê dat sy die eiseres aangestel het. Hierdie mededeling aan Mallinson is reeds in Augustus 2003 gemaak toe die eiseres se herinnering oor waarom sy Digitata verlaat het waarskynlik nog varser sou gewees het as drie jaar later toe me Cahill en die eiseres eers getuig het. Daar is niks aan Mallinson gesê oor die opsienbarende vier en twintig uur reëling wat die prokureur haar wou laat tref nie.

Dit is na my mening noemenswaardig dat die getuie bevestig het dat die eiseres inderdaad haar gewrig beseer het by die werk toe sy "een van die bokse wat die aansoekvorms in het" gedra het. Die getuie ontken dat die eiseres weg is omdat Saambou gelikwider is.

[108] In kruisondervraging is dit ook aan die getuie gestel dat die eiseres, reeds in Maart 2004, die volgende gesê het aan die bedryfsielkundige me May:

"During July and August 2001, she worked as an assistant manager at Digitata Saambou. She reports that barring her memory problems she physically coped with the work, but lost her employment when the company closed down."

Niks word van die gesprek met die prokureur gesê nie. Die getuie sê dit is nie korrek nie want die eiseres was alreeds weg toe Digitata tot 'n einde gekom het. Hierdie mededeling aan me May is op "D99". Sy maak 'n soortgelyke mededeling op "D113".

[109] Dit is namens die verweerder aan die getuie gestel dat die verweerder ten sterkste ontken dat hy ooit "by woord of by daad" vir die eiseres gesê het sy moet bedank, hetsy binne vier en twintig uur of binne 'n jaar. Dit is namens die verweerder gestel dat die eiseres hom reeds in Julie 2001 gebel het en gesê het sy werk nou by Digitata. In antwoord op 'n verdere vraag het die getuie gesê sy is onseker, maar die gesprek oor die vier en twintig uur kon om en by September 2001 plaasgevind het. As die eiseres vir drie of vier maande by Digitata gewerk het vanaf Julie, kan dit wees dat sy in September of Oktober die werk verlaat het. Dit is ook teenoor die getuie geopper dat daar geen oënskynlike rede kan wees waarom die verweerder, as hy reeds in Julie van die werk geweet het, maande later skielik vir die eiseres sou vra om binne vier en twintig uur te bedank nie. Hierop kon die

getuie nie kommentaar lewer nie. Dit is namens die verweerder gestel dat sy notas en sy briefwisseling met die eiseres teenstrydig is met die weergawe dat hy die eiseres sou gebel het en gesê het sy moet bedank.

- [110] Dit is ook namens die verweerder betoog dat al het die eiseres vir Cahill gesê dat haar prokureur sê sy moet bedank, hierdie mededeling nie noodwendig die waarheid was nie, gegewe die eiseres se geskiedenis dat sy valshede kwytmaak.

(vii) Charmaine Mona van Heerden

- [111] Die eiseres is haar stiefsuster. Ongeveer tien jaar tevore (1996 of 1997) het die eiseres vir ongeveer 'n jaar by haar gewerk. Sy het gewerk as 'n haarkapster en partykeer die telefoon by die ontvangs hanteer.
- [112] "K52" is 'n brief (ongedateerd) wat die getuie 'n jaar of wat na die botsing aan die verweerder gestuur het om te illustreer wat die eiseres in haar diens verdien het as 'n haarkapster. Dit was in die omgewing van R2 000,00 tot R3 000,00 per maand. Sy kon eers 'n basiese salaris van R950,00 verdien en daarna word dit kommissie.
- [113] Volgens die getuie het die eiseres haar spontaniteit na die ongeluk verloor, en ook nie meer soveel aandag aan haar grimering gegee nie.
- [114] Die onderwerp van die eiseres se vals getuienis of mededelings aan deskundiges dat sy 'n aandeel in hierdie getuie se besigheid gehad het en ook nadat sy daar weg

is die aandeel terugverkoop het vir R25 000,00 is nie met die getuie opgeneem nie. Dit is in elk geval gemene saak dat die eiseres hierdie valse verklarings gemaak het.

(viii) Andre Leon Vlok

[115] Dr Vlok is die ortopeed wat 'n regsmediese verslag voorberei het ten opsigte van die ortopediese beserings. Ek het reeds 'n lys van die beserings gegee. Dit is duidelik dat die beserings van 'n ernstige aard was. Hiervan neem ek deeglik kennis.

[116] Die getuie is nie onder kruisondervraging geneem nie.

(ix) Annecke Elsa Greeff

[117] Die getuie is 'n arbeidsterapeut en een van die oorspronklike groep mediese deskundiges wat deur die verweerder aangestel is om hom te help met die voorbereiding van die saak toe hy aanvanklik deur die eiseres opgedra is om die saak waar te neem.

[118] Die getuie het die eiseres in September 2000 en in Mei 2001 gesien met die oog daarop om 'n regsmediese verslag voor te berei. Die verslag is "C16" tot "C48".

- [119] Ten opsigte van die konsultasie in Mei 2001, teken die getuie aan dat die eiseres stiptelik opgedaag het en netjies geklee was en vriendelik voorgekom het. Haar hare was gekleur en sy het grimering gedra en vrolik voorgekom.

Die getuie merk ook op dat die eiseres se sosiale integrasie blykbaar sedert Februarie 2001 verbeter het. Sy het weer 'n mansvriend in haar lewe en toon belangstelling in haar sosiale omgewing.

- [120] Wat die werksgeskiedenis van die eiseres betref meld die getuie in haar verklaring dat die eiseres haar N3-haarkapsterdiploma in 1990 verwerf het en ook 'n kursus in verskeie rekenaarprogramme in 1993. Haar werksgeskiedenis getuig van werk as haarkapster. Sy begin haar eie salon, wat sy alleen behartig het, in Oktober 1999. Soos reeds voorheen beskryf is, is hierdie inligting nie korrek nie. Die getuie se mediese verslag meld ook dat die eiseres haar eie boeke gedoen het en die kontantvloei in "haar praktyk" bestuur het. Hierdie inligting het geblyk nie korrek te wees nie.

Die getuie het in haar verslag deeglike beskrywings gegee van die inperkings wat die eiseres ervaar het, veral tydens die vroeëre konsultasie, en veral uit 'n ortopediese oogpunt. Die erns van die ortopediese beserings het ek reeds beskryf en daarvan kennis geneem.

[121] Teen die einde van die verslag maak die getuie 'n lys van die bydraende faktore wat veroorsaak het dat die eiseres op daardie vroeë stadium nog nie weer kon toetree tot die arbeidsmark nie. Dit sluit die volgende in: verskeie chirurgiese ingrepe sedert ontslag uit die hospitaal, erge depressie as gevolg van die verlies van die kind en veranderde fisiese voorkoms, aanpassings by haar veranderde vermoëns, afhanklikheid van familieleden vir vervoer en finansiële ondersteuning en fisiese inkorting as gevolg van die beserings wat sy opgedoen het.

[122] Dit blyk dat die rede waarom die eiseres se verteenwoordigers besluit het om hierdie getuie namens die eiseres te roep, die volgende is: op 26 September 2000, na die eerste konsultasie wat die getuie met die eiseres gehad het, skryf sy 'n brief aan die verweerder 'n deel waarvan soos volg lees:

"Ek het nie 'n fisiese bepaling met haar gedoen nie. My redes is

- Sy het 'n week gelede 'n knie operasie gehad en kry op 27 September 2000 'n regter pols artrodese.
- Sy noem dat sy probleme ondervind met korttermyn geheue en dat sy vir ongeveer twee weke in 'n koma was. Ek is onseker oor die omvang van die koma en die aard van die hoofbeserings.

Ek sal aanbeveel dat sy deur haar proses van herstel gaan (ongeveer ses tot nege maande) en dat sy dan terugkom na my vir die fisiese toetsing. Dit sal vir my van groot baat wees om voor die volgende afspraak 'n neurologiese en chirurgiese verslag te hê. Dan sal ek beter weet waarvoor om te kyk en watter voorsorgmaatreëls om toe te pas."

[123] Op 8 November 2000 het die getuie weer aan die verweerder geskryf en verwys na 'n telefoongesprek wat sy dieselfde dag met hom sou gehad het en daarin word nie in die besonder na 'n hoofbesering verwys nie maar sy sê die volgende:

"Na ontvangs van relevante verslae:

1. ortopedies
2. ? neuroloog
3. ? neuro-sielkundige

sal ons kantoor met u skakel om 'n opvolgafspraak vir me Van Eeden te maak vir voltooiing van volledige fisiese en formele toetsing."

[124] Die benadering van die eiseres in hierdie verband, as ek dit reg verstaan, is dat die verweerder sy plig as 'n redelike prokureur versaak het deur nie onder daardie omstandighede die moontlikheid van 'n hoofbesering meer intensief te laat ondersoek nie. Weens verstaanbare redes kon die getuie self, as 'n arbeidsterapeut, haar nie verder hieroor uitlaat nie. Dit blyk ook duidelik uit die getuienis, dele waarvan ek reeds beskryf het, dat die mededeling aan die getuie dat die eiseres vir twee weke in 'n koma was, nie korrek is nie.

[125] Toe die getuie die eiseres destyds ondersoek het, is sy ook in besit geplaas van twee ander regsmediese verslae wat die verweerder bekom het ten einde die saak te kon voorberei. Die eerste hiervan is dié van dr Lou van Wyk, ortopediese chirurg. In sy verslag maak hy nie 'n aanbeveling dat daar 'n verdere ondersoek

na breinskade moet wees nie maar beveel slegs aan dat die eiseres deur 'n bedryfsielkundige evalueer moet word om te bepaal waarvoor sy haarself kan bekwaam. aangesien hierdie deskundige ook onder die indruk gebring is dat die eiseres die loopbaan van 'n haarkapster gevolg het en tot die gevolgtrekking geraak het dat sy nie met hierdie loopbaan kan voortgaan nie.

Die tweede regsmediese verslag wat die getuie me Greeff tot haar beskikking gehad het is dan dié van prof John Flowers, 'n bedryf- en voorligting sielkundige. Prof Flowers het die eiseres in November 2000 ondersoek en sy verslag is gedateer April 2001. Dit is bewysstuk "C51" tot "C56". Prof Flowers was ook by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer as 'n Professionele Sielkundige. Prof Flowers is oorlede. In sy mediese verslag sê hy onder andere die volgende:

"Sy het ook 'n baie goeie indruk gemaak gedurende die onderhoud en goeie inligting verskaf. Sy het haarself ook volgens alle inligting goed gevestig in die arbeidsmark. Dit word dus aanvaar dat sy voor die ongeluk waarskynlik oor 'n gemiddelde tot 'n selfs ietwat bo-gemiddelde mate van verstandelike vermoë beskik het en dat sy steeds oor hierdie vermoëns beskik. Sy het nie sodanige beserings opgedoen wat daartoe sou gelei het dat haar verstandelike vermoë ingeperk is nie."

[126] Prof Flowers maak nie melding van 'n ernstige hoofbesering nie en maak ook geen aanbevelings ten opsigte van verdere ondersoeke in hierdie verband nie.

[127] Prof Flowers het ook in fyn besonderhede uitgewei oor die eiseres se geskiedenis wat betref haar werksrekord en inkomste. Blykens die professor se verslag het die eiseres 'n baie volledige geskiedenis gegee van haar werksloopbaan. Sy noem werkgewers soos die National Trading Co, M-Net, Ou Mutual, Hair by Debbie, die salon in Pietersburg, Terry's Hair in Phalaborwa en haar werk by die huis. Al hierdie inligting is nie noodwendig akkuraat nie, en strook ook nie met ander getuienis oor die onderwerp nie maar dit getuig myns insiens van 'n vermoë by die eiseres om heelwat besonderhede oor haar verlede te onthou en weer te gee.

[128] Ek beskou dit as belangrik om 'n uittreksel uit prof Flowers se verslag aan te haal wat slaan op die inkomste van die eiseres soos sy dit aan die professor weergegee het en waarop die aktuaris dr Koch sy beramings ten opsigte van verlies aan verdienste baseer het:

"Sy rapporteer dat sy tans 'n verdienste van tussen R2 500,00 en R3 000,00 per maand genereer. Dit is baie realisties om te aanvaar dat sy so ingeperk is dat sy nie meer as hierdie bedrag kan verdien nie. Sy rapporteer dat indien sy by haar huis sou voortgegaan het om te werk dat sy in die omgewing van R6 000,00 per maand sou verdien het. Hierdie verdienste soos sy geskat het, word as 'n baie realistiese skatting beskou en behoort beskou te word as haar pre-morbiede verdienste potensiaal. Die verskil tussen wat sy nou verdien en wat sy sou verdien het, kan gebruik word as basis om te bepaal wat haar verlies aan verdienste is. 'n Aktuaris

kan hierdie berekening maak en daar behoort ook 'n groot gebeurlikheidsaftrekking gemaak te word van die pre-morbiede situasie aangesien sy die ernstige fisiese probleme het (my nota: ek meen die professor het bedoel 'die post-morbiede situasie'). Daar behoort post-traumaties ten minste 'n 40% gebeurlikheidsaftrekking gemaak te word. Pre-morbied sou hierdie aftrekking waarskynlik nie meer as ongeveer 15% gewees het nie. Dit behoort deur 'n aktuaris in aanmerking geneem te word wanneer die verlies aan verdienste beraam word."

- [129] Dr Koch het toe inderdaad gewerk op 'n pre-morbiede scenario van R72 000,00 per jaar of R6 000,00 per maand (2001 rand-waardes) wat sou eskaleer met inflasie tot ouderdom 65.

Post-trauma het die geleerde aktuaris gewerk op die totale verlies aan inkomste vir twaalf maande en daarna slegs 45% van die inkomste wat sy pre-trauma sou kon verdien of R2 750,00 per maand in plaas van R6 000,00 per maand. Die aktuaris het ook voorsiening gemaak vir vroeë aftrede op ouderdom 55, soos deur dr Lou van Wyk aanbeveel.

Wat gebeurlikheidsaftrekkings betref het die aktuaris slegs 15% afgetrek van die pre-trauma scenario en 40% van die post-trauma scenario.

[130] Dit is duidelik dat hierdie scenario geheel en al te rooskleurig was vir redes wat blyk uit die getuienis soos ek dit reeds opgesom het en nog later verder sal opsom. Ek baseer hierdie gevolgtrekking op onder andere die volgende redes:

1. Die eiseres kon nie 'n pre-trauma inkomste van R6 000,00 bewys nie. Uit die aard van die saak kon die verweerder ook nie sodanige bewys aan die Fonds voorlê nie.
2. Die werksloopbaan van die eiseres voor die botsing was, met respek teenoor haar, in alle opsigte onindrukwekkend: sy het 'n karige inkomste verdien. Sy het rondgeval tussen 'n groot aantal poste, 'n aansienlike hoeveelheid waarvan niks met die werk van 'n haarkapster te doen gehad het nie. Sy het nie noemenswaardige na-skoolse kwalifikasies verwerf nie.
3. Post-trauma het die eiseres haar gevestig in 'n baie meer stabiele pos. In hierdie pos het sy ook heelwat meer verdien as wat die geval voor die ongeluk was. Sy het bevorderings en verhogings ontvang.
4. Op die waarskynlikhede sou hierdie toedrag van sake rugbaar geword het in die denkbeeldige verhoor wat die verweerder volgens die eiseres van stapel moes stuur in plaas daarvan om die saak te skik soos hy gedoen het. In die denkbeeldige verhoor, wat die eiseres in haar besonderhede van vordering postuleer teen Maart 2005 voor die hof sou gedien het, sou die kwaliteit van haar werksloopbaan voor die ongeluk myns insiens 'n baie negatiewe uitwerking op die beraming van haar verlies aan inkomste gehad het. 'n Onstabiele werksloopbaan soos daardie sou waarskynlik ook

onderwerp moes word aan 'n gebeurlikheidsaftrekking van baie meer as 15%. Ten tye van die verhoor sou die eiseres waarskynlik reeds in haar huidige pos gewees het. Haar inkomste post-trauma wat baie hoër was as wat sy voor die tyd verdien het, sou ook 'n negatiewe uitwerking op die beraming van haar eis aan verlies van verdienste gehad het. Dit is myns insiens ook onrealisties om te verwag dat die verhoorhof haar loopbaan post-trauma sou onderwerp het aan 'n gebeurlikheidsaftrekking wat so hoog is soos 40%.

[131] Teen hierdie agtergrond vind ek dit nie verbasend nie, dat die verweerder uiteindelik (met die aanmoediging van die eiseres, op die verweerder se weergawe) die eis vir verlies aan inkomste geskik het in 'n bedrag van ongeveer R200 000,00. Dit is aansienlik minder as die bedrag wat die geleerde aktuaris op die rooskleurige basis, *supra*, beraam het. Teen die agtergrond wat ek geskets het, kan ek egter nie sien hoe dit op 'n oorwig van waarskynlikhede op hierdie stadium bepaal kan word wat die toekenning sou wees wat die verhoorhof onder die betrokke omstandighede sou gemaak het nie. Dit kon myns insiens selfs minder gewees het as die bedrag waarvoor geskik is.

Wat die bewyslas betref, het ek reeds breedvoerig verwys na die besondere uitdagings wat 'n eiser in 'n saak van hierdie aard in die gesig staar.

(x) Ignatius Michael Bosman

[132] Die getuie woon sedert einde 2001 in 'n verhouding saam met die eiseres. Hy was 'n loseerder by 'n vriend in Pietersburg toe die eiseres by laasgenoemde se tuinwoonstel ingetrek het. Hy is voornemens om met die eiseres te trou, maar toe hy getuig het was sy nog nie geskei nie. Na die egskeiding sal hy die saak verder vat. Die getuie het gepraat oor die eiseres se fisiese toestand en haar seer heup en skouer asook haar enkels en knieë in die tyd wat hy haar leer ken het. Die getuie weet ook van die eiseres se werk by Digitata in Pietersburg en bevestig dat sy hom meegedeel het dat die verweerder haar aangesê het om te bedank aangesien die feit dat sy werk haar eis nadelig kan beïnvloed. Met hierdie onderwerp het ek reeds gehandel.

[133] In Februarie 2002 het hulle na Pretoria getrek. Hy wou 'n rekenaar kursus in Hatfield doen, en die eiseres sou daarvoor betaal uit die opbrengs van die eis. Sy wou ook op 'n stadium 'n huis koop wat sy sou finansier met die opbrengs van die eis. Dit blyk dat die getuie grotendeels op die eiseres staatgemaak het vir verblyf en dat die eiseres ook van tyd tot tyd voorskotte van die verweerder gekry het om haar verblyf te finansier. Op 'n stadium het hulle ook in Welkom by die eiseres se vader ingetrek omdat hulle verniet daar kon bly. Later is hulle terug Pietersburg toe en het by vriende geloseer.

[134] Die getuie bevestig dat die eiseres in 2004 by SBV begin werk het. Hierdie onderwerp is reeds behandel. Die getuie laai die eiseres om 07:00 by die werk af en gaan haal haar weer om 17:30. Die reëling is so getref sodat die getuie ook

betyds by sy werk kan wees. Dit is insiggewend, myns insiens, dat die getuie meen dat die eiseres haar werk geniet en sy kla soms omdat sy te veel werk het. Sy sê dat sy ander mense se werk ook soms moet doen.

[135] Die eiseres het heelwat pyn en gebruik pynpoeiers. Sy is soms ongeduldig met die ontvangsdame in die dokter se spreekkamer en vergeet ook soms wat sy met die huis se sleutel gedoen het.

[136] Toe die saak geskik is was die eiseres geskok oor die omvang van die bedrag. Hulle het heelwat meer verwag.

(xi) Elsa Adriana May

[137] Die getuie is 'n bedryfsielkundige. Sy het die eiseres in Maart 2004 ondersoek en haar verslag is bewysstuk "D91-122".

[138] Hierdie is nog 'n voorbeeld van een die die eiseres se deskundige getuies wat sy of haar verslag skoei op 'n foutiewe geskiedenis wat die eiseres verskaf het. Dit is ook 'n geval van 'n deskundige wat nie die voordeel gehad het om na die eiseres se getuienis in die hof te luister voordat hy of sy getuig het nie. Na hierdie onderwerpe het ek reeds verwys. Die punt word geïllustreer deur wat die getuie sê in haar "summary and conclusions" in haar verslag op "D119" tot "D120":

"Ms Van Eeden has a grade 12 level of education, as well as an N3 qualification in Hairdressing and Beauty also having passed her trade test

in hairdressing. She has worked in administrative position for a substantial period and was working as a self-employed hairdresser in partnership with her stepsister at the time of the accident.

But for the accident, Ms Van Eeden would in all probability have continued working as a self-employed hairdresser. At the time of the accident, Ms Van Eeden's business was still new and her client base was still probably growing. Therefore, her earnings would in all likelihood have increased with time ..."

Die objektiewe feite is natuurlik dat die eiseres op geen stadium 'n haarsalon besit het nie en voor die botsing 'n baie wisselvallige werksloopbaan gehad het. Ten tye van die botsing was sy ook nie meer by haar stiefsuster nie maar het sy by haar vader in Welkom gewoon.

Op "D111" sê die getuie in haar verslag:

"At the time of the accident Ms Van Eeden's business was still rather new initially ... but by the time of the accident it had stabilised at approximately R5 000,00 per month, demonstrating a strong growth rate ..."

In kruisondervraging is die getuie gekonfronteer met hierdie stelling wat sy maak op "D111" in die volgende terme:

"Sê u dit nog steeds, of wil u daardie opinie verander? --- Ek sou sê dit het gegroei, afhangende van wat die presiese syfers was, uit die aard van die saak, maar dat dit wel gegroei het, dit is vir my 'n feit."

Daar is natuurlik geen feitlike basis vir hierdie getuie nie. Die getuie beskryf die eiseres ook, op "D118", as 'n "successful business owner". Haar getuie en gevolgtrekkings is op valshede gebaseer. Wanneer sy in kruisondervraging daarmee gekonfronteer word, weier sy om haar mening te verander. Sy is ook gekonfronteer met die dokumentêre getuie en ander getuie ten opsigte van die eiseres se huidige vordering en status as 'n werker by SBV. Dit is aan haar gestel dat die negatiewe opinie wat sy in haar verklaring uitgespreek het oor die eiseres se post-traumatische verdienvermoë, verkeerd is. Sy was traag om toegewings in hierdie verband te maak.

[139] Ek het ernstige bedenkinge oor die objektiwiteit van hierdie getuie. Namens die verweerder is ek in hierdie verband verwys na die Engelse saak van *National Justice Campania Naviera SA v Prudential Assurance Co Ltd* [1993] 2 Lloyd's Rep 68 (Q):

- "1. Expert evidence presented to the court should be, and should be seen to be, the independent product of the expert uninfluenced as to form or content by the exigencies of the litigation ...
2. An expert witness should provide independent assistance to the court by way of objective unbiased opinion in relation to matters

within his expertise ... An expert witness in a high court should never assume the role of an advocate."

(xii) Adri Marie Theron

[140] Die getuie het in 2000 haar studies as 'n fisioterapeut aan die Mediese Fakulteit van die Vrystaatse Universiteit voltooi. In daardie jaar het sy ook diens gedoen by die Pelonomi hospitaal.

[141] 'n Handgeskrewe verslaggie van haar, gedateer 9 Maart 2000, is namens die eiseres ingedien as "D142" tot "D144". Dit is 'n sogenaamde "oordragsverslag" vir die fisioterapeut in Welkom waarheen die pasiënt, eiseres, oorgeplaas is.

[142] Die verslag bevat die volgende sin: "Mev Malitza van Eeden was op die 11de November 1999 in 'n MVO betrokke, waarna sy in 'n koma in die trauma eenheid van Pelonomi opgeneem is ..." Die getuie sê dat sy gewoonlik hierdie inligting uit die hospitaal rekords sou kry. Daar is geen aanduiding van hoe lank die beweerde koma sou gewees het nie. Die getuie het ook nie 'n onafhanklike herinnering aan die eiseres nie.

[143] Die neuro-chirurg wat namens die verweerder getuig het, dr Marus, het getuig dat in die mediese rekords wat hy nagegaan het daar geen aanduiding is van 'n koma of 'n breinbesering nie. Dit is egter gemene saak dat die rekords wat beskikbaar gestel is nie in alle opsigte volledig was nie.

[144] Na my mening kan hierdie getuienis nie 'n wesenlike bydrae lewer tot die beregting van hierdie saak nie.

(xiii) Malitza Marianne van Eeden (die eiseres)

[145] 'n Beduidende gedeelte van hierdie getuie se getuienis is reeds bespreek toe die getuienis van ander getuies behandel is.

[146] Daar is ook reeds breedvoerig verwys na 'n aantal valshede wat die eiseres verkondig het. Sy het bv aan 'n aantal deskundiges die mededeling gemaak dat sy op 'n stadium 'n mede-eienaar van 'n haarsalon was. Sy het ook aan verskeie deskundiges gesê dat sy 'n histerektomie gehad het. Verder het sy gesê dat sy die N3 kwalifikasie behaal het en ook dat sy aan 'n BA-graad gewerk het met sielkunde as die hoof vak. Daar is ook uiteenlopende bewerings gemaak ten opsigte van die duur van haar beweerde post-traumatische tydperk van geheueverlies. Verder is daar wisselvallige mededelings gemaak ten opsigte van haar inkomste pre-trauma. Al hierdie bewerings, en nog meer, is as vals bewys. In kruisondervraging het sy nie ontken dat dit onwaar is nie. Sy het ontken dat dit leuens was maar dit as "stories" afgemaak. Sy steun daarop dat sy aan geheueverlies ly en net "prentjies" of grepe uit die verlede onthou.

[147] Ek vind hierdie verduideliking van die eiseres in vele opsigte onoortuigend.

[148] Ek het reeds vroeër verwys na die veel bewoë eedsverklaring van die eiseres wat te vinde is as bewysstuk "G252-272(a)" ("G252"). Hierdie eedsverklaring het weer in kruisondervraging van die eiseres onder die loop gekom. Dit is gedateer 13 Maart 2003 en is opgestel om haar eis vir skadevergoeding teenoor die verweerder se versekeraar te motiveer. "G252" is opgestel en geteken meer as 'n jaar nadat die verweerder die saak namens die eiseres geskik het en bykans drie en 'n half jaar na die ongeluk. In "G252" word besonderhede van die eiseres se werksloopbaan en studie-pogings beide voor en na die botsing in fyn detail weergegee. Heelwat van hierdie inligting is natuurlik as vals bewys, maar dit verskyn nogtans in "G252". Dit is in skrilte kontras met die eiseres se getuienis tydens die verhoor in die loop waarvan sy 'n groot aantal van die vrae (moontlik die meerderheid daarvan) ontwyk het deur bloot te sê dat sy nie kan onthou nie. Ek kon geen wetenskaplike verduideliking in die getuienis of op die stukke vind wat hierdie ooglopende drastiese verswakking in die eiseres se geheue tussen 2003 en 2006 toe die verhoor begin het kan verduidelik nie. Beide die datums is post-trauma en 'n lang tyd na die botsing. Ek sou ook verwag dat die eiseres die geleentheid sou gehad het om haar geheue te verfris aan die hand van "G252" voordat sy getuig het.

Die kontras tussen "G252" en die getuienis wat die eiseres tydens die verhoor afgelê het, spreek duidelik uit die inhoud van "G252" aan die een kant en die oorkonde van die getuienis aan die ander kant. Ek meen nie dit lê op my weg om

hierdie verskille in die loop van hierdie uitspraak in fyn besonderhede te ontleed nie. Ek noem egter enkele voorbeelde.

In "G252" sê sy bv dat sy na matriek in 1987 aan Welkom Gimnasium Hoër, graag in die kunste wou gaan studeer maar haar vader het besluit dat daar geen toekoms daarin is nie en besluit om haar aan die Universiteit van die Vrystaat in te skryf vir aandklasse vir 'n BA-graad in sielkunde. Dit is natuurlik nie die waarheid nie. In 1988 (die jaar na matriek) het sy begin om die aandklasse wat by die Welkom Technikon aangebied is by te woon. In die drie jaar onmiddellik na skoolverlating het sy 'n aantal verskillende betrekkinge aanvaar, aanvanklik terwyl sy na-uurs die aandklasse bygewoon het. Sy verskaf die volgende fyn besonderhede: die eerste hiervan was 'n pos as interne verkoopster by National Trading Co. Die maatskappy het met staal handel gedryf en die vernaamste aankopers was maatskappye in die mynbedryf. Na ongeveer een jaar se diens by National Trading Co in Welkom, is sy verskuif na die maatskappy se kantoor in Bloemfontein waar sy volhard het met haar studies en die aandklasse aan die universiteit in Bloemfontein bygewoon het. Na ongeveer 'n jaar in Bloemfontein en veral toe 'n deel van haar vakrigting konsultasie met en evaluasie van geestesgestremde persone behels het, het sy besef dat hierdie rigting nie vir haar was nie en haar studies laat vaar. In die tyd is National Trading Co oorgeneem deur 'n maatskappy genaamd Robor International met hoofkantoor in Kaapstad. Hierna het sy aangesluit by Kelly Girl Perms in Bloemfontein en is geplaas as privaat sekretaresse vir ene mnr Roos van Ou Mutual. In hierdie tyd het sy in

samewerking met Kelly Girl en Ou Mutual basiese rekenaaropleiding ontvang in 'n paar bekende woordverwerkers en "spread-sheet" programme. Hierna is sy deur Kelly Perm geplaas by die kantore van M-Net in Welkom waar sy algemene kantoorwerk, aankope, bemarking en tegniese aspekte vir M-Net hanteer het. M-Net het haar later 'n permanente bemarkingspos aangebied.

In skrilte kontras hiermee sê sy in haar hoofgetuieis dat sy nie kan onthou of sy na skool gaan werk het nie. Sy kan nie onthou of sy dadelik gaan werk het of iets anders gedoen het nie. Sy onthou wel National Trading Co wat 'n staal maatskappy was. Sy sê dat sy toonbank-verkope gedoen het en op 'n rekenaar gewerk het en voorraad genceem het. Sy weet nie hoe lank sy daar gewerk het of wat sy verdien het nie. Sy kan glad nie die tweede plek onthou waar sy gewerk het nie. Sy het nog 'n vae herinnering aan M-Net. Sy verwys ook na 'n paar ander plekke in "G252" soos Hair by Debbie en Shirl's Scissors, wat sy nie in haar hoofgetuieis noem nie. Sy sê ook die volgende in para 14 van "G252":

"In Pietersburg aangekom, het ek Charmaine meegedeel dat ek myself graag vir 'n tyd lank aan my dogtertjie sou wou toewy en dat ek 'n breuk nodig het. So het ek en my dogtertjie gedurende 1997 verhuis na Phalaborwa waar ek 'n manlike haarkapper genaamd Terry ontmoet het. Hy het 'n suksesvolle salon onder die naam Terry's Hair Studio bedryf. Terry het groot ideale vir die uitbreiding van sy besigheid gehad. Hy wou die gebou uitbrei om verdere dienste soos die gebruik van sonbeddens aan te bied. Ek en Terry het onderhandel en ooreengekom dat hy my as

vennoot aan boord sou neem. Hierop het ek Charmaine in Pietersburg gaan besoek en haar meegedeel dat ek van voorneme was om voortaan saam met Terry te praktiseer."

In haar hoofgetuienis sê sy dat sy glad nie Terry's Hair Studio kan onthou nie.

In "G252" sê sy ook dat sy haar aandeel in die salon wat sy saam met haar stiefsuster Charmaine Vermeulen bedryf het (wat natuurlik nie waar is nie) aan laasgenoemde verkoop het vir R25 000,00. Dit is ook nie waar nie. In haar getuienis tydens die verhoor het sy die openbaring gemaak dat die R25 000,00 eintlik 'n skenking was van die Round Table welsynsorganisasie in Welkom. Hierdie skenking het sy ontvang ten behoeve van haar mediese uitgawes en ander noodsaaklikhede. Wat ander valshede betref, het sy bv aan sommige van die deskundiges gesê dat sy nie kan kinders baar nie (dit is benewens die bewering aan van die ander deskundiges dat sy 'n histerektomie gehad het). Die bewering dat sy nie kan kinders kry nie, word weerlê in die verslae van 'n aantal ginekoloë.

- [149] Die eiseres het ook bewerings ten opsigte van haar matriek-uitslae gemaak wat nie waar is nie. Sy het bv aan 'n deskundige gesê dat sy meeste van haar vakke op hoër graad geneem het wat 'n onwaarheid is. Sy het ook melding gemaak van 'n onderskeiding wat sy behaal het wat 'n valse bewering is.

[150] Wat my opgeval het van die eiseres se getuienis, is dat sy in skrilte kontras met haar beweerde onvermoë om sekere belangrike gebeurtenisse te onthou ander vrae in die fynste besonderhede kon antwoord. So bv het sy getuig dat sy na haar abortiewe poging om aan die universiteit te studeer (waarna ek verder sal verwys wanneer haar vader se getuienis onder die loep kom) by 'n kollege ingeskryf het as 'n vakleerling om 'n haarkapster te word. Sy sê die volgende oor wat sy daar gedoen het:

"Kan u onthou wat u gedoen het by die kollege, in breë trekke? --- Elke Maandag het hulle jou vakke uiteengesit wat jy doen. Eers het hulle jou gevat op – biologie was een van die vakke, wat hulle jou leer van jou hare, hoe jy verskillende hare uitmekaar ken, van jou wortels af, en dan het jy oorgegaan na kleur toe, en hulle het die tegnieke gebruik van sny en 'perm', en dan die skoonmaak van die salon, dit was ook deel van die vakke."

[151] Later in haar getuienis het sy wel verwys na die salonne Shirl's Scissors en Hair by Debbie in 'n ander chronologiese volgorde as wat dit in "G252" verskyn. Sy het ook verwys na die werk by die Ou Mutual. Wat laasgenoemde betrekking betref, kon sy ook heelwat besonderhede gee van wat sy daar gedoen het. Sy het funksies gereël vir die bemerkers en afsprake vir mnr Roos wie se persoonlike assistent sy was. Sy moes die spyseniers aanstel, blomme aanskaf vir die funksies en tikwerk doen. Sy het notules afgeneem in vergaderings. Daarmee het sy gesukkel. Sy kan dit wel onthou. Hierdie tipe getuienis strook myns insiens nie

met haar antwoorde op ander vrae ten opsigte van meer belangrike gebeurtenisse en geleenthede nie waar sy bloot gesê het dat sy nie kan onthou nie. Sy het ook bv by geleentheid gesê dat sy nie kan onthou wat sy 'n paar dae tevore in die hof gesê het nie. Ek vind dit moeilik om hierdie getuienis te aanvaar. Daar is verskeie ander voorbeelde wat blyk uit die oorkonde van fyn besonderhede wat sy verskaf het oor sekere onderwerpe en gebeurtenisse. Ek ag dit nie nodig om verder hieroor uit te wei nie.

[152] Ek het ook vroeër in hierdie uitspraak verwys na die getuienis van prof Fritz, wat namens die eiseres getuig het, tot die effek dat 'n valse bewering dat sy die eienaar van 'n haarsalon was, terwyl sy eintlik net daar gewerk het, nie toegeskryf kan word aan 'n breinbesering nie.

[153] Die eiseres het ook getuig oor die verweerder se pleit dat sy hom 'n mandaat gegee het, in Oktober 2001, om die saak te skik. In haar hoofgetuienis gee sy toe dat die verweerder vir haar vertel het van die aanbod maar die mening uitgespreek het dat dit te laag is en dat hy gaan probeer om 'n beter aanbod te kry. Hierdie getuienis strook met die verweerder se weergawe. Die verweerder gaan egter verder en sê dat die eiseres hom by daardie geleentheid opdrag gegee het om in elk geval vir die laer bedrag te skik. Soos ek reeds aangedui het was die eerste aanbod van 12 Oktober 2001 vir 'n bedrag van R217 960,00. Dit is hierdie bedrag wat die verweerder aanvoer deur die eiseres aanvaar is. Die verweerder getuig egter, soos die eiseres, dat hy onderneem het om te probeer om 'n hoër aanbod te

beding. Dit het die verweerder reggekry en die finale aanbod van 14 Desember 2001 (bewysstuk "A77") was aansienlik hoër naamlik vir 'n bedrag van R427 457,76 tesame met 'n aanbod om die party en party koste te betaal. Laasgenoemde koste is later getakseer en deur die Fonds betaal. Benewens hierdie bedrag is daar natuurlik ook die aanbod om 'n onderneming te gee in terme van artikel 17(4)(a) van die Wet ten opsigte van die betaling van alle toekomstige mediese- en verwante koste.

Die eiseres ontken dat sy aan die verweerder die mandaat gegee het om die vroeëre aanbod te aanvaar. Sy sou wag vir nuus oor 'n latere hoër aanbod. Hierdie getuienis strook nie met die verweerder se lêer inhoud nie. In die lêer is daar 'n handgeskrewe nota deur die verweerder, gedateer 15 Oktober 2001 (drie dae nadat die laer aanbod gemaak is) en die strekking daarvan is die volgende: hulle het die skikking bespreek. Hy het teenoor die eiseres te kenne gegee dat hy meen dat die aanbod vir algemene skade te laag was. Dit was inderdaad vir R60 000,00 terwyl die verweerder dit later vir R90 000,00 geskik het. Dit blyk egter uit die nota, bewysstuk "H86", dat die verweerder en die eiseres dit eens was dat sy weer kan werk (sy was trouens toe by Digitata in Pietersburg) en dat 'n toekenning ten opsigte van verlies aan verdienste eintlik 'n bonus sou wees. Volgens die nota het albei die partye ook bevestig dat daar voorsiening gemaak is vir die mediese uitgawes in die toekoms. Dit is natuurlik die onderneming in terme van artikel 17(4)(a). Aan die einde van "H86" skryf die verweerder die volgende: "Moet eers dink. Nee – sy wil klaarkry. Moet aanvaar." Myns insiens

spreek die inhoud van "H86" vanself. Ek beskou dit ook as inherent onwaarskynlik dat die verweerder die saak sou geskik het sonder 'n mandaat van die eiseres. Die strekking van "H86" toon duidelik dat hy die moeite gedoen het om die voor- en nadele van die laer skikking met haar te bespreek. As hy nie 'n mandaat gehad het nie, is dit myns insiens inherent onwaarskynlik dat hy die latere hoër aanbod sou aanvaar het. Die hoër aanbod is gedateer 14 Desember 2001 en waarskynlik gestuur toe die verweerder se kantoor reeds gesluit was vir die feestyd. Op 7 Januarie 2002 het die verweerder die aanbod skriftelik teenoor die Fonds aanvaar en op 9 Januarie 2002 het hy 'n brief ("G194") aan die eiseres geskryf waarin hy bevestig dat die saak nou geskik is en dat hy net wag vir die Fonds om die ontslagvorm te stuur. Dit sou totaal sinneloos wees om so 'n brief te skryf as hy nog nie 'n mandaat gehad het om die saak te skik nie.

- [154] In die besonderhede van vordering word dit nie die verweerder ten laste gelê dat hy die saak sonder 'n mandaat geskik het nie.

In die pleit word daar verwys na die laer aanbod ("A85") wat die verweerder op 13 Oktober 2001 ontvang het en word daar verder soos volg gepleit:

"7.2 Op of ongeveer 15 Oktober 2001:

7.2.1 het verweerder die aanbod volledig met eiseres bespreek;

en

7.2.2 het verweerder teenoor eiseres onderneem om namens eiseres in verdere onderhandeling met die Padongelukfonds

te tree ten einde die Padongelukfonds te probeer oorreed om die aanbod ten aansien van toekomstige verlies aan verdienste en algemene skade te verhoog; en

- 7.2.3 het eiseres aan verweerder opdrag gegee om die Padongelukfonds se aanbod van 12 Oktober 2001, of enige verhoging daarvan wat die verweerder by wyse van verdere onderhandeling met die Padongelukfonds kon bewerkstellig, te aanvaar."

Daar is geen repliek geliasseer waarin die eiseres hierop reageer nie. Soos ek beskryf het, het die verweerder presies opgetree in terme van die reëling soos hy dit gepleit het. "H86" is gedateer 15 Oktober 2001.

- [155] Die eiseres het ook getuig dat die verweerder haar by haar werk by Digitata gebel het, in November 2001, en opdrag gegee het om te bedank op 24-uur kennisgewing omdat die feit dat sy werk haar eis in die gedrang kan bring. Hierdie onderwerp het ek reeds volledig bespreek toe me Cahill se getuienis oorweeg is. In kruisondervraging is dit aan haar gestel dat die verweerder hierdie bewerings ontken. In kruisondervraging was die eiseres nie meer seker of dit die verweerder was wat haar gebel het en of dit sy sekretaresse, me Meisie Kühn, was nie.

In kruisondervraging is die eiseres ook daarop gewys dat dit duidelik blyk uit die verweerder se lêer dat hy reeds in Julie 2001 van haar verneem het dat sy by Digitata werk. "H75" is 'n nota in die handskrif van die verweerder wat boekstaaf dat die eiseres voltyds by Digitata werk, admin doen en R2 500,00 per maand verdien. Dit is gedateer 9 Julie en die inligting kom kennelik van die eiseres want haar naam staan bo-aan die nota. Hierdie mededeling en nota is nie in geskil geplaas nie. "H77" is 'n opvolg nota gedateer 23 Julie en ook geskryf deur die verweerder en op sy lêer geplaas. Hiervolgens het die eiseres hom meegedeel dat sy tans R2 500,00 by Digitata kry maar later meer sal kry. Sy wil verder studeer in die bankwese en (as ek die handskrif korrek kan lees) sal sy besonderhede verskaf van die kostes verbonde aan sodanige verdere studie. "G152" is 'n brief wat die verweerder dieselfde dag (23 Julie 2001) aan die eiseres per adres Digitata, Postnet Suite 240, Privaatsak X9307, Pietersburg 0700 geskryf het. Dit lees as volg:

"Hiermee 'n afskrif van die verslag deur Gail Vlok. U sal merk dat sy ook van mening is dat u klerikale werk moontlik kan doen. Sy doen 'n aanbeveling vir die betaling van uitgawes om opleiding te kry vir die bedryf van 'n eie besigheid. Indien u egter verder wil studeer in die bankwese, kan ons die kostes daarvan eis.

Ek ontvang dus graag so spoedig moontlik die volle uiteensetting van kostes verbonde aan verdere studies."

Dit is gevolglik duidelik dat die verweerder, reeds in Julie, die eiseres ten volle ondersteun het in haar werk by Digitata en ook in haar poging om haarself verder te bekwaam in daardie rigting. In kruisondervraging kon die eiseres nie verduidelik waarom die verweerder, onder daardie omstandighede, skielik vier maande later (in November) sou bel om te sê dat sy met 24-uur kennisgewing moet bedank nie.

[156] Daar is ook die verskynsel, wat ek vroeër gemeld het toe me Cahill se getuienis onder die loep gekom het, dat die eiseres vir twee deskundige getuies gesê het dat sy die werk by Digitata verlaat het omdat Saambou, waaraan Digitata gekoppel was, gelikwideer is. Sy het niks gemeld van die beweerde opdrag deur die verweerder dat sy moes bedank nie.

[157] Ewe vreemd is 'n eedsverklaring, "G176", wat die eiseres, op haar eie getuienis, self getik het by Digitata se kantore. Dit is gedateer 6 November 2001 en lees soos volg:

"Hiermee verklaar ek, Malitza Marianne van Eeden, ID 690620 0089 08 9 dat die volgende inligting korrek en waar is en dat ek dit onder eed verklaar.

Vanaf 11 November 1999, is ek werkloos en as ongeskik verklaar aangesien ek in 'n ernstige motorongeluk betrokke was en chronies behandel word vir beserings opgedoen.

Ek het vanaf bogenoemde datum nog nooit gewerk vir enige maatskappy
nie.

By voorbaat dank

die uwe

M M VAN EEDEN"

Die verklaring is beëdig deur die Suid-Afrikaanse Polisie in Welkom nadat die eiseres die dokument na haar suster aldaar gestuur het vir beëdiging, en toe na me Kühn gefaks. Sy sê sy het dit gedoen in opdrag van die verweerder. Die verweerder ontken dit. In elk geval is dit 'n valse verklaring wat die eiseres bereid was om onder eed te maak. Sy erken dit. Hierdie feit, tesame met die ander valshede wat die eiseres verkondig het en waarna ek verwys het, skep myns insiens ernstige twyfel oor die eiseres se integriteit en geloofwaardigheid.

[158] In haar hoofgetuienis het die eiseres ook getuig oor haar werk by SBV. Sy het nie baie tyd daaraan gewy nie. Ek het nie die indruk gekry dat sy kla dat sy die werk nie na behore kan doen nie. Sy bevestig Innes Bosman se getuienis dat hy haar om 07:00 by die werk aflaai en weer om ongeveer 18:00 gaan haal, wanneer hy self van die werk af kom. Die eiseres het gesê dat sy so twee keer 'n maand werk huis toe neem om "deadlines" die hoof te bied. Sy hou daarvan om "perfek op my werk te wees".

- [159] Wat die eiseres se kruisondervraging betref, het ek reeds na belangrike gedeeltes daarvan verwys.
- [160] Dit is verstaanbaar dat die eiseres in kruisondervraging met "G252" en die valshede wat daarin vervat is gekonfronteer is. Sy het meeste van die valshede erken, of gesê dat sy nie kan onthou nie. Hierdie getuienis het ek onoortuigend gevind, vir die redes wat ek reeds genoem het.
- [161] Sy het erken dat sy valshede teenoor die arbeidsterapeut me Greeff verkondig het.
- [162] Sy het onthou dat sy in Februarie 2006, nie lank voor die verhoor nie, ondersoek is deur dr Capitani, die neuro-sielkundige wat namens die verweerder getuig het. Sy is gekonfronteer met 'n aantal datums wat sy aan dr Capitani verskaf het, bv op "E42". In kruisondervraging het sy ontken dat sy enige datums aan die deskundige verskaf het en kon nie verduidelik waar die deskundige andersins die datums sou gekry het nie. Op die oog af blyk meeste van die datums korrek te wees en strook dit met die algemene geskiedenis wat uit die getuienis blyk. Die verweerderes volstaan egter daarby dat sy nie datums kan onthou nie, en dat sy nie die datums aan die deskundige gegee het nie. Ek vind dit totaal onoortuigend.
- Sy het erken dat sy valshede aan dr Capitani ook verkondig het, soos bv dat haar bewering dat sy 'n haarkapster diploma behaal het vals is.

- [163] Soos ek reeds beskryf het, het sy erken dat die bewering dat sy R25 000,00 vir haar aandeel in die salon ontvang het vals is en dat dit eintlik geld is wat deur Round Table geskenk is.
- [164] Oor haar mededeling aan prof Fritz dat sy 'n histerektomie gehad het, wat vals is, het sy probeer skerm deur aan die hand te doen dat prof Fritz, wat Engelssprekend is, haar moontlik verkeerd verstaan het. Hierdie getuienis is totaal onoortuigend. Sy het ook erken dat haar bewering teenoor me May, die bedryfsielkundige wat namens haar getuig het, dat sy die N1 tot N3 kursusse aan die Vrystaatse Technikon voltooi het vals is. Aan hierdie getuie het sy gesê dat sy die kursusse in 1990 voltooi het.
- [165] Daar was getuienis onder kruisondervraging, wat nie werklik betwis is nie, tot die effek dat die eiseres onderneem het om IRP5 vorms en bankstate na die verweerder te stuur om haar inkomste voor die botsing te boekstaaf. Sy het baie vaag hierop gereageer. Op die waarskynlikhede het sy myns insiens nooit op hierdie versoeke gereageer nie en was sy waarskynlik ook nie in besit van sodanige dokumentasie nie. Dit is ook duidelik dat die verweerder baie moeite gehad het om uit te vind wat haar inkomste voor die botsing was. Op 'n stadium het sy en die verweerder 'n deeglike gesprek gehad en haar inkomste en uitgawes in ag geneem en bepaal dat sy slegs R1 105,00 per maand oor 'n tydperk van agtien maande verdien het.

[166] 'n Lys van gevestigde kliënte wat staving kon gee ten opsigte van haar beweerde inkomste uit haar besigheid in die woonstel op haar pa se perseel as haarkapster het geblyk oorwegend 'n lys van vriende en familielede te wees. Sy het toegegee dat die verweerder, op die stadium toe hy hierdie inligting probeer inwin het, nie eers geweet het presies wat haar inkomste was nie.

[167] Wat haar tydperk by Digitata betref, het die eiseres, enkele maande voordat sy in die getuiebank was, die volgende vir dr Capitani gesê:

"She worked Monday to Friday, 08:00 to 17:00 with a monthly salary of R2 000,00 for a three month probationary period and after ± four months was promoted to an assistant manager position."

Toe sy hieroor uitgevra is in die hof, het sy gesê dat sy nie die besonderhede kan onthou nie maar bloot dat sy daar gewerk het. Sy kon ook nie onthou dat sy Maandae tot Vrydae van 08:00 tot 17:00 gewerk het nie. Ek vind hierdie getuienis onaanvaarbaar en onbevredigend.

Sy het ook die volgende volledige beskrywing aan dr Capitani gesê:

"She responded she carried out presentations to market the new products which include the statistics to fifteen marketing staff and added she introduced deadline on loan. Her salary was increased to R3 500,00 per month and she reported no problems or complaints in performing her job."

Toe sy hieroor gekruisvra is het sy bevestig dat dit is wat sy gesê het maar "ek kan nie vir jou vertel of dit waar is of nie. Dit is al." Ek vind geen logiese verduideliking in die stukke vir hierdie klaarblyklike skielike verlies aan geheue oor 'n tydperk van enkele maande nie. Daar is verskeie ander voorbeelde hiervan, wat ek nie van voornemens is om in besonderhede te behandel nie.

- [168] Toe die eiseres gekruisvra is oor "G176", die eedsverklaring waar sy met opset 'n leuen vertel het tot die effek dat sy sedert die botsing nooit weer gewerk het nie, en nadat sy erken het dat sy willens en wetens 'n leuen onder eed vertel het, is die volgende vraag aan haar gevra:

"Is ek dan korrek as ek vir u stel dat ons het geen rede om te aanvaar dat u nie vandag ook moontlik u saak wil bevorder en dat die eed vir u niks bedoel nie? --- Korrek."

Ek wil waak daarteen om die eiseres te kras te beoordeel oor hierdie getuienis. Ek neem in ag dat sy ook by 'n ander geleentheid gesê het dat sy die eedsverklaring opgestel het in opdrag van die verweerder. Later het sy gesê sy weet nie meer of dit in opdrag van die verweerder of van me Meisie Kühn was nie.

- [169] Hoe dit ook al sy, ek het die eiseres as 'n onbevredigende getuie ervaar vir die redes wat ek hierbo beskryf het.

[170] In kruisondervraging is die eiseres ook gekonfronteer met die party en party kosterekening wat die verweerder opgestel het om sy fooie en uitgawes van die Fonds te verhaal in terme van die skikking. Dit is in fyn detail opgestel en bevat 108 items. Dit maak bv voorsiening vir die regsmediese uitgawes wat die verweerder aangegaan het ten einde die saak voor te berei voordat dit geskik is. Die fooie beloop ongeveer R19 800,00 en die uitgawes net meer as R23 200,00. Dit is voordat die taksasie plaasgevind het. Hierdie rekening is bewysstuk "G209" tot "G215".

Blykens 'n baie volledige rekonsiliasiestaat wat die verweerder toe aan die eiseres verskaf het ("G231" tot "G234") is die kosterekening teen die Fonds (met BTW) uiteindelik getakseer vir R35 900,90. Benewens hierdie party en party gelde wat van die Fonds gevorder is, het die verweerder, blykens "G234", slegs 'n verdere fooi (met BTW) vir finalisering van die eis gehef in die bedrag van R4 332,00. Ek beskou dit as 'n verspot billike prokureur en kliënt fooi onder die omstandighede.

[171] Blykens die rekonsiliasiestaat, "G232" en verder, het die verweerder R506 717,13 namens die eiseres gevorder. Dit sluit die volgende in:

Rodel finansiering vir persoonlike lening	R46 819,00
voorskot by Fonds ten opsigte van mediese uitgawes	R61 061,26
voorskot by Fonds ten opsigte van mediese uitgawes	R20 661,10

voorskot by Fonds ten opsigte van gelede verlies aan verdienste	R8 000,00
kapitaal	R337 735,40
kostes	R32 375,67
'n tjek wat nie gewissel is nie	R64,70

Die uitgawes wat teen hierdie invordering verreken moes word is in fyn detail gespesifiseer. Dit sluit al die mediese uitgawes is asook bv ses lenings aan die eiseres se vader, S J C Nel, in die totale bedrag van R20 500,00, twaalf lenings aan die eiseres in die totale bedrag van R28 260,00, nog ses voorlopige betalings aan die eiseres in die bedrag van R115 000,00, nog vier voorlopige betalings aan I Bosman in die bedrag van R23 000,00 en verdere voorskotte namens die eiseres bv aan Wesbank vir 'n agterstallige voertuig paalement, a Cash Wise persoonlike lening, ens. Alles verskyn op "G232" tot "G234".

- [172] Teen hierdie agtergrond is dit dan nie verbasend nie dat die eiseres uiteindelik, nadat die rekonsiliasie plaasgevind het, slegs 'n tjek van R30 619,16 van die verweerder ontvang het. Dit word alles baie duidelik geboekstaaf in die rekonsiliasiestaat. Dit is toe die eiseres hierdie tjekkie ontvang, dat sy dadelik met ontsteltenis die amptenare by die Fonds gaan spreek het en ook 'n prokureur aangestel het om die verweerder aan te spreek. As die eiseres en haar vader en mnr Bosman en andere oor die jare minder voorskotte van die verweerder sou ontvang het sou die tjek aansienlik groter gewees het en is dit 'n ope vraag of sy steeds teen die verweerder sou wou prosedeer.

(xiv) Samuel Jacobus Cronjé Nel

[173] Mnr Sampie Nel is die vader van die eiseres.

[174] Die belangrikste deel van mnr Nel se getuienis het gegaan oor sy dogter se loopbaan voor die botsing en, tot 'n mate, ook na die botsing.

[175] Uit die aard van die saak is die feite soos die getuie dit geskets het nie werklik in geskil nie. Ek probeer om dit so bondig as moontlik op te som. Ek maak ook in hierdie verband gebruik van 'n handige uiteensetting wat te vinde is in die betoogshoofde van die verweerder se advokate: hulle het die moeite gedoen om die eiseres se ouderdom uit te werk en in te bou by hulle opsomming soos die loopbaan gevorder het. Die ouderdom is nie telkens in die verhoor as sodanig genoem nie. Die eiseres is gebore in 1969 en die botsing was teen die einde van 1999 toe sy ongeveer 30-jaar oud sou gewees het. Toe sy matrikuleer sou sy ongeveer 18 gewees het. Die ouderdom soos sy gevorder het tussen matriek en die botsing word telkens aangestip deur die advokate in hulle hoofde. Ek voeg dit in by hierdie opsomming.

[176] Na matriek het die getuie aangebied om vir sy dogter se studies te betaal. Sy het egter verkies om by National Trading te gaan werk vir ongeveer 'n jaar. Dit sou tot ongeveer 1988 wees. Later in daardie jaar het die eiseres vir die getuie gesê dat sy wil studeer. Die getuie het met 'n universiteit in aanraking getree maar het

vasgestel dat haar matriekpunte sodanig was dat sy nie vrystelling gehad het vir die universiteit nie. Die getuie het in verbinding getree met die tegniese kollege in Welkom, na die vakke gekyk en die eiseres het toe besluit op 'n kursus in 'n ekonomiese rigting "iets soos bestuurswese, management, daardie tipe van ding". Dit sou laat 1988 vroeg 1989 gewees het. Die eiseres het steeds by National Trading gewerk maar aandklasse bygewoon. Dit is nie duidelik of sy by National Trading aangebly het nie:

"Daar is ander werke wat sy gedoen het, maar ek kan nie nou vir u presies sê dat sy, toe sy begin studeer het, dat sy bedank het by National Trading nie, ek kan nie onthou nie."

Na vyf of ses maande in 1989 het die eiseres die getuie genader en gesê dat sy beter werk in Bloemfontein kon kry en sy het daarheen getrek. Sy het 'n woonstel in Bloemfontein gekry en daar met haar aandklasse voortgegaan.

- [177] Dinge het nie goed verloop nie. Een Sondagoggend het die getuie op die ingewing van die oomblik Bloemfontein toe gery en aan die woonstel se deur geklop. Die eiseres het geskrik toe sy hom sien. Die woonstel was dolleeg. Sy het op 'n matras geslaap. Die yskas was dolleeg en hy het haar daar en dan aangesê om haar goed te pak en huis toe te kom. Dit sou waarskynlik in die middel van 1989 gewees het. Hy het deurgaans vir haar maandeliks geld gestuur op die veronderstelling dat sy besig was om te studeer, maar op die waarskynlikhede het sy toe al haar studies laat vaar. Die eiseres is toe terug

Welkom toe, waarskynlik in die tweede helfte van 1989 in die ouderdom van 20. Sy het weer by haar ouers ingetrek. Op hierdie stadium het sy blykbaar 'n vakleerlingskap by 'n haarkapster begin. Sy was eers by Shirl's Scissors en later by 'n ander salon. Vakleerlinge moes ook aandklasse by die tegniese kollege bywoon. Hy sê sy het "by 'n paar plekke" gewerk. In hierdie verband verwys die getuie ook na Suzmans, 'n groothandel-verspreider wie se naam gereeld opgeduik het in die getuienis. Besonderhede van presies wat sy daar gedoen het en wat sy verdien het is ietwat vaag. Die getuie sê sy dogter het ook by 'n bou-maatskappy, Bester Bouers, gewerk. Dit was die eerste keer wat hierdie naam opgeduik het. Na 'n kort tydjie het sy hier bedank ten spyte daarvan dat die getuie vir haar gesê het "my kind, dit is 'n inkomste jy kan nie net sommer net tou opgooi nie".

[178] Die getuie het ook bevestig dat sy dogter op 'n stadium by Ou Mutual in Pretoria gaan werk het waar haar suster, me Webber, vir haar 'n aanstelling gekry het. Sy het ook by me Webber gaan woon. Dit is gemene saak.

[179] Tot op hierdie stadium som die verweerder se advokate die situasie soos volg op in hulle hoofde:

"So what do we have the plaintiff doing between her matriculation in 1987 aged 18 and 1993 aged 24? Working for National Trading, entering Technikon, throwing up her studies there without telling her father, returning to Welkom, starting her apprenticeship as a hairdresser but then, quite clearly, abandoning that and working at Suzmans and Bester

Builders, leaving the former when they went under and resigning at the latter because she did not enjoy the working surroundings. Hardly very stable or promising."

Dit blyk uit me Webber se getuienis dat die eiseres by hulle gebly en by Ou Mutual gewerk het gedurende 1993. Wat die eiseres gedoen het tussen 1993 (ongeveer die middel daarvan na raming) en die einde van 1994 is nie duidelik nie want sy het in 1995 by haar stiefsuster, Charmaine, se salon in Pietersburg gaan werk. Voor dit het sy blykbaar op 'n stadium skoonheidsmiddels van deur tot deur verkoop. Dit was blykbaar ook in die tyd toe die getuie se eerste vrou oorlede is in Januarie 1995. Insiggewend is dat die getuie op 'n stadium vir die eiseres gesê het: "My kind, besluit wat jy met jou lewe wil doen, jy kan nie so doelloos voortgaan nie." Soos ook blyk uit stiefsuster Charmaine se getuienis, het die eiseres vir haar gewerk vir ongeveer 'n jaar. Dit sou gewees het van 1995 tot 1996 waarna sy die salon verlaat het toe sy verwagkend geraak het met die babatjie Marté wat op 8 Julie 1996 gebore is. Die vader was mnr Jacques de Bruto, met wie sy toe half noodgedwonge getrou het. Die huwelik is egter kort daarna ontbind. Die eiseres is toe terug na haar ouers in Welkom. Toe Marté gebore is sou die eiseres ongeveer 27-jaar oud gewees het. Dit kom voor asof sy dan in die tweede helfte van 1996 terug is Welkom toe. Die getuie was ietwat vaag oor wat sy dogter gedoen het tussen die geboorte van Marté in 1996 en die botsing aan die einde van 1999:

"En in daardie tyd, dit is nou tussen Marté se geboorte en die ongeluk, het Malitza gewerk of werk gedoen? --- Ek moet jok as ek sê, maar ek glo nie, want Jacques het vir haar maandeliks geld gestuur en sy het daar by my gebly."

Te oordeel aan stiefsuster Charmaine se getuienis, kon die eiseres ook vir 'n tyd gedurende hierdie periode in Pietersburg gewoon het. Die getuie kan ook nie onthou dat sy dogter gedurende hierdie tydperk veel te doen gehad het met haarkappery nie.

[180] In Januarie 1999 is die eiseres getroud met haar tweede eggenoot, mnr Van Eeden, 'n blokman by die slaghuis. Hierna het die egpaar weer by die getuie in Welkom kom woon: "Ek het die plek 'n bietjie uitgebreek, nie baie nie, maar net so dat daar 'n slaapkamer is en toilet geriewe en dit is waar hulle gebly het." Die getuie het nooit gesê dat hy sy woning so verbou het om 'n salon te skep vir die eiseres, soos wat sy getuig het nie. Hierna is die egpaar na Pietersburg waar mnr Van Eeden werk gekry het by 'n slaghuis en daarna het hulle verhuis na Phalaborwa. Daar het die eiseres by 'n salon gewerk. Op 'n stadium het die eiseres gebel en gesê sy kom nie oor die weg met mnr Van Eeden nie en die getuie het hulle gaan haal en vanaf Phalaborwa teruggeneem Pietersburg toe na stiefsuster Charmaine se huis toe. Die egpaar was nie lank in Pietersburg nie voordat hulle teruggekom het Welkom toe en weer by die getuie ingetrek het. Hy glo nie die eiseres het gewerk in die tydperk kort voor die botsing nie, maar sy het

wel die hare gedoen van vriende en familie. Dit is billik om te sê, met respek teenoor die eiseres, dat haar loopbaan voor die ongeluk nie spreek van sukses of stabiliteit nie. Die verweerder se advokate som die eiseres se posisie onmiddellik voor die botsing soos volg op:

"The plaintiff is aged 30. She has a 3 year old daughter and, depending on how one looks at the evidence, has either left her second husband, or the marriage is failing. She has been from Welkom to Bloemfontein to Pretoria to Pietersburg to Phalaborwa. She has tried her hand at studying at the Technikon and at apprenticeship hairdressing, and has proceeded with neither. Whether she has generally been employed or unemployed, the latter seems more likely. To the extent that she has been employed, the jobs have been at a low level, her longest period of employment appears to have been that with her step-sister for whom she either worked in reception and helped out with the hair or vice versa ... Her eldest sister has had her visit a psychologist because she was not gaining any direction in life, her second eldest sister brought her up to Pretoria to get her a job in which she only stayed for about six months and her father has from time to time despaired at her ability to leave her job without any other job prospects on the horizon and her failure to find any direction in life."

Ek meen nie hierdie opsomming is onbillik nie en ek meen dit strook met die getuienis as 'n geheel. Die advokate namens die verweerder wys dan daarop dat hierdie die persoon is wat deur die eiseres se deskundiges Mallinson en May

beskryf word as iemand met 'n indrukwekkende loopbaan voor die botsing. Dit is kennelik nie die geval nie. Ek het reeds breedvoerig met hierdie onderwerp gehandel, en ook met die feit dat hierdie deskundiges se getuienis gebrekkig is omdat dit op verkeerde aannames gebaseer is. Van die getuies het ook nie die geleentheid gehad om die eiseres in die getuiebank te sien voordat hulle getuig het nie.

[181] Ek het ook voorheen die opmerking gemaak dat, indien die verweerder die saak nie geskik het nie maar eerder op verhoor gegaan het, soos wat die eiseres betoog hy moes gedoen het, is dit hoogs waarskynlik dat al hierdie feite in die verhoorhof op die lappe sou gekom het. Dit kon nie tot voordeel strek van die eiseres se vordering, veral met betrekking tot verlies aan verdienste, nie. Daarteenoor, soos ek reeds in die vooruitsig gestel het, sou die loopbaan van die eiseres post-trauma ook te berde gekom het. Ek verwys veral na haar suksesvolle loopbaan by SBV, want, in die besonderhede van eis, word dit voorsien dat die verhoor waarskynlik in 2005 sou plaasgevind het, nadat die eiseres reeds in 2004 by SBV begin werk het.

[182] Wat die res van mnr Nel se getuienis betref het hy getuig oor die toestand van die eiseres na die botsing. Sy is nie meer so geneë om familiebyeenkomste by te woon nie. Sy raak ongeduldig en selfs aggressief as die kos wat sy by 'n restaurant bestel nie na wense is nie.

[183] Reeds in sy hoofgetuienis is hy uitgevra oor die feit dat die eiseres onwaarhede vertel. Hy sê dat hy reeds toe sy in die hospitaal was agtergekom het dat sy onwaarhede vertel. In kruisondervraging het hy toegegee dat hy of die eiseres nooit teenoor die verweerder tydens vroeë konsultasie openbaar het dat sy 'n geheue probleem het of dat sy hierdie valshede verkondig nie.

[184] Wat die eiseres se tweede eggenoot betref, weet hy niks van die bewering deur die eiseres dat die eggenoot die huwelik sou ontbind het omdat hy gesê het hy wil nie met 'n kreupele of 'n parapleeg getroud wees nie. As die eggenoot so iets gesê het, sou hy daarvan te hore gekom het. Dit is direk teenstrydig met die eiseres se getuienis. Eweneens weet hy glad nie van die beweerde gewoonte van die tweede eggenoot om vir maande op 'n slag te verdwyn en op hierdie manier aanleiding te gee tot die vervreemding in die huwelik nie. Dit is ook teenstrydig met die eiseres se getuienis.

(xv) Mary-Anne Kathleen Viviers

[185] Die getuie is sedert 1995 werksaam by die Welkom Medikliniek. Sy het getuienis gelewer oor die inhoud van die lêer wat destyds oopgemaak is toe die eiseres daar opgeneem is.

[186] Die naaste wat sy aan iets opsienbarends kon kom, was 'n bewering dat een van die dokumente aandui dat die beserings opgedoen in die botsing insluit 'n besering

aan die regter hand, regter heup, linker been en voorhoof. Die beweerde besering aan die voorhoof is nie verder omskryf nie.

[187] Die dokumentasie toon ook dat die rede vir die toelating by die hospitaal 'n "fraktuur regter hand, bekken fraktuur met ontwigte regter heup" is. Daar word niks gesê van 'n hoofbesering nie.

[188] In kruisondervraging het die getuie toegegee dat die rekords aandui dat dit nie lyk asof die eiseres in 'n koma was nie want sy het gekommunikeer met die verpleegpersoneel en gesê dat sy pyn het. Sy was dan nie in 'n koma volgens die notas nie. Dit is teenstrydig met die getuienis van die fisioterapeut, me Theron, wat 'n nota gehad het tot die effek dat die eiseres by die hospitaal toegelaat is toe sy nog in 'n koma was. Hiermee het ek reeds gehandel.

(xvi) David Abba Shevel

[189] Dr Shevel is 'n psigiater. Hy het die eiseres in Augustus 2003 ondersoek. Sy regsmediese verslag is bewysstuk "D62" tot "D90".

[190] In 'n gesamentlike notule van 'n vergadering wat hy met die deskundige psigiater wat namens die verweerder sou getuig (maar wat die verweerder nie nodig geag het om te roep nie), prof Vorster, gehad het kom die twee ooreen dat die eiseres 'n hoofbesering gehad het maar hulle sê dat hulle hulle sal neerlê by die bevinding van 'n neuroloog en 'n neuro-chirurg oor die graad en erns van hierdie

hoofbesering. Die twee deskundiges verskil oor die erns van die simptome wat moontlik mag voortvloei uit 'n hoofbesering.

[191] In sy 2003 verslag sê die getuie dat hy tekens sien van skade aan die frontale kwabbe ("frontal lobe dysfunction"). Die sielkundige, mnr Mallinson, wat namens die eiseres getuig het, het in sy verslag wat dieselfde maand opgestel is nie sodanige tekens gesien nie. Toe hy hiermee gekonfronteer is het hy egter gesê dat hy hom sal berus by dr Shevel se gevolgtrekkings. Dr Capitani, wat die eiseres namens die verweerder in Februarie 2006 ondersoek het, kon geen tekens vind van "frontal lobe dysfunction" nie.

[192] Die getuie het ook in sy 2003 verslag die mening uitgespreek dat dit onwaarskynlik is dat die eiseres weer tot die ope arbeidsmark sal kan toetree. Hierdie voorspelling is natuurlik verkeerd bewys deur die eiseres se suksesvolle dienstermyn by SBV.

In hierdie verband het die getuie die volgende toegewings in kruisondervraging gemaak:

"If it would be shown that Ms Van Eeden had over a period of two years gone up in the ladder of positions within the company that she is working for and has doubled her salary exclusive of her overtime payments, would that still be in keeping with your initial assumption that she would never be able to work properly again in the open market? --- No, that would not

be in keeping but one would have to canvas that with the employer to decide.

And if the evidence were to show that, would you be constrained to change your diagnosis? --- I would be constrained yes, to change it to a lesser view, yes."

Die gunstige evaluering wat die werkgewer van die eiseres gemaak het en ander getuïenis in daardie verband asook die relevante dokumentasie is reeds bespreek.

[193] In sy getuïenis het die getuie ook aan die hand gedoen dat die valshede wat die eiseres verkondig het, wat die getuie ietwat eufemisties beskryf as "variability in the reporting of Ms Van Eeden's history", toegeskryf kan word aan "confabulation". In Afrikaans het die advokate na hierdie toestand verwys as "konfabulasie". Ek sal ook hierdie term gebruik alhoewel ek nie seker is of dit die korrekte Afrikaanse term is nie.

[194] Volgens 'n mediese teksboek wat die getuie voorsien het, word hierdie toestand gedefinieer as "Unconscious filling of gaps in memory by imagining experiences that have no basis in fact. It is common in organic brain syndromes."

Die getuie het dus aan die hand gedoen dat die valshede die gevolg is van 'n breinbesering. Ek het reeds daarop gewys dat die eiseres se eie getuie, prof Fritz,

hiervan verskil. Die verweerder se getuies, dr Marus en dr Capitani, het ook sterk van hierdie mening verskil.

[195] Ek voeg by dat die getuie niks in sy regsmediese verslag te sê gehad het oor konfabulasie nie. In sy gesamentlike notule wat hy met prof Vorster saamgestel het, word hierdie begrip ook nie behandel nie. Dit is verstaanbaar dat die verweerder se advokate beswaar gemaak het daarteen dat die getuie uit die bloute hierdie begrip opper, en die beswaar is gehandhaaf, maar die getuie is toegelaat om sy getuienis aan te bied op voorwaarde dat die verweerder weerleggende getuienis kan voordra as hy sou verkies om dit te doen. Inderdaad het dit gebeur.

[196] Die eiseres se deskundige sielkundige, mnr Mallinson, het ook nie verwys na hierdie teorie in sy verslag nie.

[197] Ek het reeds verwys na die eiseres se deskundige neuroloog, prof Fritz se getuienis. Waar sy gekruisvra word oor die eiseres se weergawe aan 'n aantal deskundiges dat sy 'n mede-eenaar van die salon was terwyl sy slegs daar gewerk het verloop die kruisondervraging soos volg:

"The terms you used were variability and problems in recounting exactly what happened, those would not explain this kind of discrepancy, would they? --- The presence of brain damage should not account for not knowing whether you are an employee or a partner, M'Lord."

[198] Dr Marus het gesê: "The claimed distant memory loss appeared atypical for a brain injury."

Op p919 van die oorkonde, waar dr Marus getuig oor hierdie verskynsel van "confabulation", sê hy die volgende:

"It is exceedingly uncommon to have it as a residual defect, except in very severely brain injured patients."

[199] Dr Capitani maak die volgende punte ten opsigte van die beweerde konfabulasie:

1. In die algemeen, is die eiseres se geskiedenis van valshede met verwysing bv na "G252" en wat aan ander deskundiges gesê is "not consistent with the definition and presentation of a patient who confabulates".

2. Sy sê hierdie toestand word net gevind by pasiënte wat baie ernstige breinbeserings opgedoen het:

"You see, confabulation in a patient who has severe, severe memory difficulty, they basically have a total amnesia and are unable to, that means they have no short term memory ability whatsoever ..."

Sy gee die voorbeeld, op 1625 van die oorkonde, van 'n pasiënt wat aan hierdie toestand ly wat een antwoord sal gee en vyf minute later heeltemal 'n ander antwoord ten opsigte van dieselfde vraag.

Die getuie Capitani is gekonfronteer, op 1626 van die rekord, met 'n voorbeeld van die eiseres se getuienis dat "ek sit met brokkies beelde en ek maak vir myself herinneringe ..." en verdere getuienis wat die eiseres in hierdie verband aangebied het, en hierop sê die getuie Capitani:

"No that would not fit with the definition and presentation of confabulation because it means that she developed or she had believed with the same belief that remained or which she held over a period of time and which she reproduced consistently presumably to various people or when necessary would reproduce the same belief that she had, the same belief or versions or stories basically and which does not, is not consistent with a patient who confabulates."

3. Die getuie Capitani het ook gesê dat die valshede het blykbaar ten doel om die eiseres se saak te versterk. Dit is nie tipies van die definisie van konfabulasie nie. Ek meen dat voorbeelde hiervan die getuienis is dat sy voor die botsing 'n mede-eenaar van 'n suksesvolle salon was, dat sy aan die universiteit gestudeer het, dat sy 'n goeie matriek geslaag het en ook die N3 kwalifikasies verwerf het.

Ek voeg by dat dr Shevel ook hieroor uitgevra is:

"Would a person who confabulates make up detail to the extent that they try to better their own situation or a cause that they are fighting for potentially? --- Usually not."

4. Daarbenewens sê die getuie Capitani dat as die eiseres die toestand van konfabulasie gehad het, sou dit eerder verwag word dat haar korttermyn geheue aangetas is en nie haar langtermyn geheue nie.
5. Soos ek reeds aangedui het, is die valshede konsekwent, soos bv die bewering teenoor 'n aantal toehoorders dat die eiseres 'n salon besit het, 'n histerektomie gehad het, ens. Dit strook nie met die prentjie van konfabulasie nie.
6. Die getuie Capitani sê dat konfabulasie is 'n ernstige toestand wat 'n invloed het op die daaglikse funksionering van die pasiënt. Hierdie is nie so 'n geval nie.

[200] Teen hierdie agtergrond, meen ek nie dat ek op die oorwig van die getuienis kan bevind dat die valshede wat die eiseres verkondig het toegeskryf kan word aan konfabulasie nie. Ek is van oordeel dat die eiseres 'n leuenagtige getuie was wat valshede verkondig het met die oog daarop om haar eie saak te probeer bevorder.

[201] Ek keer kortliks terug na die getuienis van dr Shevel. Hy het aan die hand gedoen dat daar baie waarde geheg moet word aan sogenaamde kolaterale inligting. Namens die verweerder is daar betoog dat hierdie kolaterale inligting nie strek tot voordeel van die eiseres nie. Sy het bv epilepsie gehad as 'n kind. Ek het reeds daarop gewys dat die betrokke deskundiges erkenning gegee het aan die bestaan van die letsels veroorsaak deur die epilepsie. In die gesamentlike notule van die vergadering tussen mnr Mallinson en dr Capitani sê laasgenoemde bv die volgende:

"Dr Capitani was of the opinion that her low verbal abstract abilities may be associated with the area of focal calcification as seen on the brain scans and the fluctuation in her performance seen on some tests may be associated with the brain scans and history of epilepsy as her pattern of cognitive difficulties suggested a focal left hemisphere component."

Mnr Mallinson het aangedui dat na sy mening hierdie probleme die gevolge kan wees van 'n matige breinbesering.

Verder toon die kolaterale inligting dat die eiseres 'n swak matriekresultaat gehad het. Ten beste was dit ondergemiddeld. Tussen matriek op ouderdom 18 en die botsing op ouderdom 30, soos reeds geïllustreer, was die eiseres se loopbaan, met respek, nie indrukwekkend nie. Soos reeds aangetoon, openbaar kolaterale inligting van vriende en familie ten opsigte van die eiseres se funksionering post-

trauma nie onomwonde tekens van breinskade nie. Sy ervaar wel nadelige en pynlike nagevolge van die ortopediese beserings.

[202] Dit was die einde van die getuienis wat namens die eiseres aangebied is.

Getuienis namens die verweerder

(i) Dr Gian Marus

[203] Die getuie is 'n praktiserende neuro-chirurg. Hy werk by die Sunninghill hospitaal. Sy deskundigheid was nie in geskil nie.

[204] Die getuie het die eiseres in Februarie 2005 namens die verweerder ondersoek. Sy regsmediese verslag is "E15" tot "E35". "E35A" tot "E35B" is 'n aanvullende verslag van April 2005. Dit het te doen met 'n aneurisme wat later ontdek is met 'n angiogram. Dit is die gevolg van die besering aan die kakebeen en mag moontlik aanleiding gee tot die hoofpyne en nekpyne wat die eiseres ervaar. As die aneurisme verwyder is, mag hierdie nagevolge ook verbeter.

[205] Die getuie het die beskikbare mediese rekords oorweeg en het daaroor getuig. Hy is deurtastend gekruisvra. Wat die rekords betref sê hy die volgende teen die einde van sy verslag:

"On review of the hospital records, no mention is made of any brain injury. Furthermore no mention is made of any referral to Neuro-surgeons or Neurologists or any investigation that would lead one to suspect that the

treating doctors considered that she sustained a brain injury (brain scan). This is an important issue, as any abnormality of cognitive and neurological function due to a head injury is most obvious and at its worst directly after the head injury. Therefore any deficit that she now displays would have been significantly magnified initially, and would likely not have been missed by treating doctors. Furthermore if initially missed, it would have been brought to the attention of treating doctors or physician by family members. It appears that this was not done."

[206] Die getuie is ook gevra om, in sy mediese verslag, aan te dui of hy meen dat die verweerder, toe hy die opdrag ontvang het, 'n breinbesering in die vooruitsig moes gestel het. Op "E34", na 'n oorsig van die mediese rekords en wat ander deskundiges in hulle verslae te sê gehad het, sê hy die volgende:

"The conclusion thus from reviewing the various records as were available to the initial attorney, one is unable to find any documentation that she sustained a brain injury."

Hierdie getuienis is myns insiens van belang by oorweging van die vraag of die verweerder nalatig was of sy plig versuim het, as 'n redelike prokureur, toe hy aanvanklik, in die jaar 2000, opdrag ontvang het om die saak te hanteer.

[207] Dit is wel so dat die getuie, in sy getuienis voor die hof en onder kruisondervraging, by nabetragting en na oorweging van verdere hospitaal

rekords wat beskikbaar geraak het, toegegee het dat die eiseres moontlik harsingskudding ("a mild concussion") opgedoen het maar hy het volstaan daarby dat daar nie 'n breinbesering ("significant brain injury") was nie. Hierdie getuienis is onder andere te vinde op 960 en 961 van die rekord. In die notule van die vergadering wat hierdie getuie met prof Fritz namens die eiseres gehad het word die volgende ook op rekord geplaas namens hom:

"It is possible that she had a mild concussion, but no significant brain injury can be detected on review of objective information available."

In sy hoofgetuienis, en met verwysing na die rekords, sê hy die volgende op 893:

"The implication of that is, when they got to her to assess her that she did not have the features of a brain injury any longer, implying that if a brain injury did occur it was probably a mild concussion which had recovered from the period of post-traumatic amnesia and confusion."

[208] Die getuie kon ook geen aanduiding vind van 'n aantasting van die frontale kwabbe ("frontal lobe dysfunction") nie. Hierdie onderwerp het ek reeds aangevoer. In kruisondervraging is die getuie gekonfronteer met die getuienis van mnr Mallinson. Laasgenoemde, met sy toetse, kon ook nie "frontal lobe dysfunction" diagnoseer nie. Hy het bloot gesê dat dit nie uitgesluit kon word nie. Hieroor sê die getuie die volgende op 973:

"So, on the basis of what I could tell the court, M'Lord, on my evaluation of her, I could not detect any so-called frontal lobe dysfunction which

would relate to inappropriate behaviour or lack of insight, which was obvious at the assessment, plus it concerns me that the neuro-psychologist on testing could not come with a positive diagnosis of a frontal lobe dysfunction on his tests."

[209] Ek het reeds vroeër hierdie getuie se houding ten opsigte van die beweerde konfabulasie of "confabulation" behandel. Ek gaan dit nie herhaal nie.

[210] Hierdie getuie het my besonder beïndruk. Ek kan nie sien dat die eiseres, met haar deskundiges, daarin geslaag het om enige getuienis aan te bied wat dr Marus se benadering onder verdenking kan bring nie.

(ii) Phillip Carl Izak Barnard (die verweerder)

[211] Die verweerder is in Februarie 1988 as 'n prokureur van hierdie hof toegelaat. Dit was nadat hy 'n B.Iuris aan die Universiteit van Potchefstroom, LL.B aan die Universiteit van Pretoria, 'n Meestersgraad en 'n Belasting-diploma by die Universiteit van die Witwatersrand verwerf het. Daarna het hy weermag opleiding gedoen en toe vir twee jaar klerkskap by 'n bekende firma in Pretoria. Van sy leermeesters het bekende en gesiene praktisyns in die stad ingesluit. Nadat hy 'n professionele assistent by hierdie firma geword het, het hy by 'n ander, ewe bekende, firma aangesluit. Later het hy daar 'n vennoot geword. Daar het hy gebly tot laat 1993 of vroeg 1994 toe hy sy eie praktyk in Pretoria begin het. Deur al die jare het hy heelwat blootstelling gehad aan litigasie van die aard

wat die onderwerp vorm van hierdie saak. In sy eie firma het omtrent 50% van sy werk bestaan uit hierdie tipe "derde party" sake.

[212] In ongeveer Maart 2000 het die verweerder opdrag gekry om hierdie saak te hanteer. Hy het aanvanklik 'n oproep van die eiseres se vader, mnr Sampie Nel, ontvang en later ook na die gesin se huis gereis om verder te konsulteer.

[213] In die tydperk van ongeveer twee jaar wat die verweerder die saak hanteer het, tot die skikking vroeg in 2002, is hy ook bygestaan deur me Meisie Kühn. Me Kühn is 'n baie ervare sekretaresse wat uitgebreide kennis het van hoe hierdie tipe sake in die praktyk hanteer word. Sy het ook vir jare by 'n ander bekende "derde party praktisyn" in Witbank gewerk.

[214] Bewysstuk "G" is 'n bundel wat 330 bladsye beslaan. Dit is 'n deel van die verweerder se lêer-inhoud toe hy die saak hanteer het. Dit bevat oorwegend korrespondensie tussen die prokureur en sy kliënt, die prokureur en die Fonds, die prokureur en mediese deskundiges, ens. Van die korter briewe wat van 'n formele aard is bevat ook die verwysing van me Kühn. Laasgenoemde het meer formele take verrig soos om afsprake te reël en met die deskundiges en die kliënt te kommunikeer. Die verweerder het, om sy term te gebruik, "die prokureurswerk" gedoen en die besluite geneem.

- [215] Bewysstuk "H" is nog 'n bundel en, prakties gesproke, bestaan dit uit die res van die verweerder se lêer-inhoud. Dit beslaan 134 bladsye. Oorwegend bestaan dit uit handgeskrewe notas wat die verweerder, asook me Kühn, gemaak het terwyl hulle die saak hanteer het. Op die notas word die datum aangedui asook die tydsduur van bv 'n telefoongesprek of 'n konsultasie. Ek het reeds verwys na die volledige party en party kosterekening wat die verweerder toe op sterkte hiervan kon saamstel vir voorlegging aan die Fonds na die skikking bereik is.
- [216] Myns insiens getuig bewysstukke "G" en "H" van 'n prokureurslêer wat behoorlik hanteer en bygehou is. Die fynste besonderhede is aangeteken. Daar was gereelde kontak met die kliënt. Die hospitaal-rekords is bekom. Bekende en bekwame mediese deskundiges is aangestel om die verweerder te adviseer by die voorbereiding van die eis. 'n Aktuariële beraming van die eis is gemaak. Die eis is betyds ingedien. Hospitaal-rekords is betyds aangevra en bekom.
- [217] Dit is ook duidelik dat die verweerder begrip en simpatie gehad het vir die eiseres se toestand. Hy het haar dienoooreenkomstig behandel. Hy het namens haar 'n persoonlike lening gereël sodat sy fondse kon hê om aan die lewe te bly hangende die afhandeling van die saak. Toe hierdie lening se opbrengs uitgeput is, het hy van sy persoonlike fondse voorgesket. Hy het sinvolle onderhandelings met die Fonds aangeknoop. 'n Paar aanbiedinge wat ontvang is wat syns insiens te laag was het hy verwerp. Hy het uiteindelik die saak geskik na deeglike oorleg met sy kliënt en na oorweging van tersaaklike faktore. Hy het 'n gesiene kollega se

advies ingewin om te besin oor die *quantum* voordat hy die saak geskik het. Na afhandeling van die eis het hy sy fooi tot die minimum beperk. Ek het reeds hierna verwys. Hy het volledig verslag aan sy kliënt gedoen en aan haar 'n deeglike rekonsiliasie verskaf. Hiermee het ek reeds gehandel.

[218] Ek sien niks in hierdie lêer wat my met die indruk laat van 'n prokureur wat sy plig versaak het of roekeloos gestaan het teenoor die belange van sy kliënt nie. Intendeel. Die lêer-inhoud getuig van die werk van 'n redelike, ervare en toegewyde prokureur.

[219] In sy volledige hoofgetuienis, het die verweerder sy relaas van die gebeure verduidelik, hoofsaaklik aan die hand van bewysstukke "G" en "H". Hy is daarna onderwerp aan langdurige en deurtastende kruisondervraging. Op 'n stadium is hy teruggedroep om verder gekruisvra te word. Hy het die kruisondervraging met oortuiging en waardigheid hanteer. Hy het my beïndruk as 'n eerlike en geloofwaardige getuie.

[220] In die loop van hierdie uitspraak het ek alreeds verwys na gedeeltes van die verweerder se getuienis. Ek het ook al redelik breedvoerig verwys na uittreksels uit bewysstukke "G" en "H".

- [221] Ek gaan nou oor tot 'n bondige opsomming van die wesenlike aspekte van die verweerder se hoofgetuienis, waarvan hy myns insiens nie afgewyk het in die kruisondervraging nie.
- [222] Hy was deurgaans ontvanklik vir die moontlikheid van breinskade aan die kant van die eiseres. Op 'n stadium het Meisie Kühn 'n nota gemaak, "H1", tot die effek dat die eiseres aan haar gesê het dat "hulle" nou agtergekom het dat sy 'n korttermyn geheue probleem het. Teenoor die verweerder het die eiseres nooit gekla oor haar geheue nie. Hy wou haar nie aanmoedig om oor so iets te praat nie, en het gewag dat sy dit moet opper. Dit het nie gebeur nie. Hy het die hospitaal-rekords bestudeer en ook die regsmediese verslae van onder andere prof Flowers. Daar was geen sprake van breinskade nie. In hierdie verband het hy ook deeglik gehandel met die getuienis van me Anneke Greeff wat op 'n stadium die moontlikheid van verslae deur 'n neuroloog of 'n neuro-sielkundige geopper het. Hierna het ek reeds verwys. Nadat hy die inhoud van prof Flowers se verslag met me Greeff bespreek het, was sy tevrede met die toedrag van sake. Gedurende al sy konsultasies met die eiseres het sy "normaal" voorgekom, en hy kon geen tekens sien van eienaardige optrede wat moontlik verband sou hou met 'n breinbesering nie.
- [223] Hy het baie moeite gedoen om inligting te bekom ten opsigte van die eiseres se werksrekord voor die ongeluk. Dit sou bepalend wees vir die omvang van die eis vir verlies aan verdienste. Hy het ook vir die stiefsuster, Charmaine Vermeulen in

Pietersburg, geskryf. Hy het nie die indruk gekry dat die eiseres aan geheueverlies ly oor waar en vir wie sy gewerk het nie. Haar optrede in hierdie verband in die getuiebank, terwyl hy haar getuienis aanskou het, het hom verbaas. Dit was nie dieselfde persoon wat hy oor twee jaar leer ken het nie. Ek het reeds breedvoerig hieroor uitgewei.

[224] Van die begin af het die verweerder gesukkel om inligting uit die eiseres te kry oor haar inkomste. Hy het dokumentasie nodig gehad om aan die Fonds voor te lê. Sy het herhaaldelik belowe om hom van bankstate te voorsien. Dit het nooit gebeur nie. Dieselfde geld IRP5 vorms van werkgewers. Hierdie optrede van die eiseres het hom laat twyfel aan haar integriteit. Hy het gevoel dat sy nie oop kaarte met hom speel nie. Hy het ook besef dat dit gevaarlik sou wees om haar in die getuiebank te laat staan tydens 'n verhoor.

[225] Hy het getuig oor die reeks voorskotte wat hy gemaak het oor die tydperk wat hy die saak hanteer het. Dit was om die eiseres van fondse te voorsien. Hierdie besonderhede het ek genoem toe die rekonsiliasie behandel is.

[226] Hy het getuig oor die lys wat hy moes bekom met die name van die eiseres se kliënte wie se hare sy gesny het. Hy het baie gesukkel om die inligting te kry. Sy het ook nie vir hom gesê dat die name oorwegend dié is van vriende en familie en kennisse nie.

[227] Hy het moeite gedoen om tussentydse betalings met die Fonds te beding ten opsigte van mediese uitgawes en gelede verlies aan verdienste. Hierdie besonderhede verskyn in die rekonsiliasiestaat, op "G232", soos wat ek beskryf het.

[228] Soos die regsmediese verslae ter hand gekom het, het hy afskrifte aan die eiseres gestuur en die inhoud met haar behandel.

[229] Volgens notas in bewysstuk "H", het die eiseres ook aanvanklik die indruk geskep dat sy haar eie besigheid gehad het. Die verweerder het later begin beseef dat dit nie die geval was nie. Hy was teleurgesteld in haar en het bedenkinge oor haar integriteit gehad. Hy sê die volgende op 1108 van die oorkonde:

"Edele, ek is jammer om te sê en ek kan ook nie anderste nie. Tensy daar iets ernstig met haar gebeur het vandat sy weg is by my, het sy sit en toneelspeel en jok aanmekaar."

Dit is met verwysing na die eiseres se optrede in die getuiebank.

[230] Prof Flowers, aan wie se mening hy besonder baie waarde geheg het, het ook niks gemeld van 'n geheue probleem in sy verslag nie. Die verweerder het deeglik kennis geneem van prof Flowers se opmerking op "C53":

"Sy het nie sodanige beserings opgedoen wat daartoe sou gelei het dat haar verstandelike vermoë ingeperk is nie." Die verweerder het gevoel dat dit

stawing verleen vir sy eie houding ten opsigte van die moontlikheid van 'n breinbesering, en sy eie vertolking van die beskikbare hospitaalrekords.

[231] Hy het getuig oor sy onderskeie debatte met die eiseres oor haar inkomste. Op 'n stadium het hulle ooreengekom dat haar inkomste R1 105,00 per maand was.

[232] Hy het by herhaling gesê dat hy nie gedink het dat hy die kans kon vat om hierdie kliënt bloot te stel aan hofverrigtinge nie: "Ja dit laat my net weer besef ek kan nie hierdie persoon blootstel aan hofverrigtinge, kruisondervraging nie." Die gesag hieroor het ek vroeër in die uitspraak behandel. Alle prokureurs hanteer nie litigasie op dieselfde manier nie. Sommige is versigtiger en skik eerder as om te prosedeer. Dit moet in ag geneem en gerespekteer word by oorweging van 'n aksie van hierdie aard.

[233] Hy het getuig oor 'n reeks aanbiedinge, bv "G139" en "G143", wat hy van die Fonds ontvang het en wat hy verwerp het omdat hy dit as ontoereikend beskou het.

[234] Hy het deeglik besin oor die *quantum* van die eis. Hy het navorsing gedoen en, soos die meeste prokureurs wat in hierdie veld praktiseer, kers opgesteek by die bekende werk van die geleerde skrywers *Corbett & Buchanan*. Hy is bewus daarvan dat die aktuaris wat hy gebruik het, dr Robert Koch, ook in 'n boek *statistiek* uitgee van vorige toekennings wat met inflasie aangepas is. Hy het,

tereg, getuig dat teen 2001 die howe nog nie geneig was om hoë toekennings te maak soos wat hulle later begin doen het nie. Hy het ook gereeld 'n ervare kollega in Johannesburg, mnr Danie Weideman, wat hy goed geken het, geskakel om sy mening oor die *quantum* van 'n sekere eis in te win. Sy gesprekke met mnr Weideman word ook geboekstaaf uit notas wat te vinde is in bewysstuk "H". Hy het gedink dat die eis ten opsigte van algemene skade ongeveer R100 000,00 werd was. In hierdie geval het hy mnr Weideman 'n paar keer geraadpleeg. Laasgenoemde se siening was dieselfde as syne. Hy het ook nie daarin geglo om 'n oordrewe bedrag te eis in die hoop op 'n goeie skikking nie. Sy benadering was om 'n realistiese bedrag te eis wat hy met skikkingsonderhandelings kon verdedig. Dit sou ook sy geloofwaardigheid by die Fonds 'n hupstoot gee.

[235] Die verweerder het ook volledige en oortuigende getuienis aangebied oor die hele onderwerp van die eiseres se werk by Digitata en haar bedanking wat sy sê die gevolg is van die verweerder se advies dat sy binne 24-uur moet bedank. Hierdie bewering het die verweerder uitdruklik ontken. Ek het die onderwerp breedvoerig bespreek toe me Cahill en die eiseres se getuienis onder die loop gekom het. Ek is nie voornemens om alles te herhaal nie. Dit blyk duidelik uit die dokumentasie dat die verweerder reeds in Julie 2001 by die eiseres verneem het van haar werk by Digitata. Hy het haar daarin ondersteun. Hy het aangebied om te eis vir die onkoste verbonde aan verdere studies en kursusse in die bankwese. Hy het nie geweet van haar bedanking nie. Na die skikking het hy nog 'n brief aan haar geskryf, p/a Digitata, om verslag aan haar te doen. Hy het getuig dat hy

aangenaam verras was toe hy hoor dat sy die werk gekry het: "Maar ek weet sy kan nie, in 'n derde party eis kry 'n mens nooit behoorlike vergoeding nie en as sy regkom is dit vir haar die beste. As sy haar probleme kan oorkom is dit die beste." Ek aanvaar die verweerder se getuienis oor hierdie onderwerp sonder aarseling.

[236] Die verweerder het ook getuig oor sy benadering toe hy dr Koch, die aktuaris, opgedra het om die eis te beraam. Dit sou gedoen word aan die hand van prof Flowers se voorstelle. Hierna het ek reeds breedvoeriglik verwys.

[237] Die verweerder het ook getuig oor "een van die laaste goeie eise-hanteerders, van die Fonds", me Irda Coetzee, met wie hy sinvolle skikkingsonderhandelings kon aanknoop. Sy het haar werk deeglik gedoen en het 'n realistiese benadering gehad. Hulle het mekaar geken en vertrou. Hulle was gelukkig om hierdie eise-hanteerder te kry om die saak te hanteer.

[238] Die verweerder het ewe oortuigend getuig oor die mandaat wat die eiseres hom gegee het om te skik. Dit was die aanbod van 12 Oktober 2001, "G165". Hieroor het ek ook breedvoerig uitgewei. Ek gaan die besonderhede nie herhaal nie. Die verweerder het getuig oor sy nota, "H86", waaruit dit duidelik blyk dat die eiseres hom opgedra het om te skik.

Desnieteenstaande het die verweerder toegewyde pogings aangewend om die aanbod te verhoog. Op 16 Oktober 2001 het hy 'n brief aan die Fonds geskryf, "G166". Daarin het hy onder andere gesê dat die aanbod vir algemene skade, R60 000,00, te laag is en dat hy dit beraam op meer as R100 000,00 maar sou skik vir R90 000,00. Hy het ook verder uitgewei oor die nagevolge van die eiseres se beserings. Uit 'n taktiese oogpunt het hy ook nie aan die Fonds openbaar dat die eiseres werk gekry het by Digitata nie. Daar was geen plig op hom om dit te doen nie. Hy het getuig dat hy besluit het om hierdie inligting agterweë te hou omdat hy nie geweet het hoe lank sy die werk sal kan volhou nie. Dit is 'n redelike benadering. Dit is ook redelik om te aanvaar dat as hy die werk en die inkomste aan die Fonds sou openbaar het, die skikkingsaanbiedinge waarskynlik aansienlik laer sou gewees het.

Nadat die verweerder aan die Fonds geskryf het, het hy weer 'n aanbod, op 22 Oktober 2001, gekry. Dit is "G173". Hierdie keer was die algemene skade opgestoot na R88 000,00 en die verlies aan verdienste van R150 000,00 na R192 000,00. Hierdie aanbod het die verweerder ook nie aanvaar nie. Uiteindelik het die aanbod, "G192", wat aanvaar is, op 14 Desember 2001 gekom. Besonderhede hiervan het ek reeds behandel. Die totale bedrag wat die verweerder vir die eiseres gevorder het, mediese koste ingesluit, was R427 457,76. Daarbenewens is die allerbelangrike artikel 17(4)(a) sertifikaat wat voorsiening maak vir alle toekomstige mediese- en aanverwante uitgawes deel gemaak van die skikking asook betaling van die party en party koste. Voordat die

verweerder die aanbod aanvaar het, het hy ook weer met mnr Weideman gekonsulteer.

- [239] Die verweerder het die eiseres ook deurgaans op hoogte gehou. Op 16 Oktober, nadat hy op 15 Oktober die mandaat van haar ontvang het om te skik, skryf hy ook 'n brief, "G168", aan haar by Digitata waarin hy onder andere die volgende sê:

"Ek poog om hierdie aanbod so hoog as moontlik te onderhandel. Soos egter met u bespreek, kan ons nie te veel klem lê op die verlies aan verdienste nie, aangesien u reeds weer verdienste het, maar ons poog om die aangeleentheid so goed as moontlik te skik."

- [240] 'n Ander probleem wat die verweerder gehad het, is dat die Fonds die gewoonte gehad het om 'n persentasie van die beoogde skikkingsbedrag af te trek "vir slegte bewys". Dit beteken dat hulle nie tevrede is met die dokumentasie wat voorgelê is om die verlies aan inkomste te boekstaaf nie. Hierdie was so 'n geval.

- [241] 'n Ander belangrike faktor wat die verweerder gemotiveer het om te skik, is die feit dat hy bang was dat die Fonds sou besluit om die aanbod terug te trek en die eiseres te dwing om dagvaarding uit te reik en te prosedeer. Dit sou die verweerder in 'n penarie laat, aangesien hy toe reeds 'n mandaat gehad het om vir 'n aansienlik mindere bedrag te skik. Hy stel dit soos volg op 1135 van die oorkonde:

"Ek moet ook sê, u edele, op hierdie stadium was ek op risiko gewees. Ek het instruksies gehad om daardie vorige aanbod te aanvaar, maar hier gaan onderhandel ek nog verder vir 'n hoër aanbod en dit is een van die dinge wat die Prokureursorde ons op gewys het dat as die Fonds nou terugdraai en sê nee, hulle gaan nie verder onderhandel nie, hulle gaan, ons moet nou maar dagvaar en hulle trek die aanbod terug, wat hulle baie keer gedoen het, dan was ek in redelike moeilikheid gewees by die kliënt om dit vir haar te kan verduidelik. So ek was baie versigtig gewees. Ek wou nie my hand oorspeel nie. As die aangeleentheid weggevat word vanaf Irda Coetzee en dit gaan na die litigasie afdeling, ja, dan het ek gedink het ons probleme."

Ek beskou hierdie as 'n uiters sinvolle en weldeurdragte benadering. Die skikking was in elk geval, myns insiens, 'n gunstige een vir die eiseres teen die agtergrond van al die omstandighede wat ek reeds geskets het. Ek kan nie sien hoe hierdie hof onder hierdie omstandighede vir die verweerder kan verkwalik omdat hy die saak geskik het soos hy gedoen het nie. Soos ek reeds gesê het, het die verweerder toe agterna aan die eiseres by Digitata geskryf en gerapporteer dat hy die saak geskik het. Ek het ook reeds die opmerking gemaak dat hierdie brief sinneloos sou wees as die verweerder nie reeds teen daardie stadium 'n mandaat gehad het om te skik nie. In soverre dit nodig mag wees, bevind ek dat die verweerder inderdaad so 'n mandaat gehad het, soos hy gepleit het en soos hy getuig het.

[242] Ek verwys nou kortliks na 'n onderwerp wat heelwat aandag geniet het tydens die kruisondervraging van die verweerder en wat namens die eiseres aan die groot klok gehang is. Dit kom kortliks op die volgende neer: daar is 'n mediese rekening vir 'n operasie by die Muelmed hospitaal ingedien waarop aangedui is dat die eiseres 'n werkgewer "Saambou" het. Eintlik was dit 'n verwysing na Digitata wat verbonde was aan Saambou. Die vrees het ontstaan, blykbaar ook by me Kühn, dat die rekening nie uitbetaal sou word deur die Fonds as dit rugbaar geword het dat die eiseres 'n werkgewer het nie. Reëlins is toe getref deur me Kühn dat die rekening gewysig sou word. In die proses het die eiseres ook die valse verklaring, "G176", opgestel en geteken. Hierna het ek reeds verwys. Hierin maak sy die valse stelling dat sy sedert die motorbotsing nog nie weer gewerk het nie. Die eiseres se getuienis dat die verweerder die bewoording vir hierdie verklaring telefonies aan haar deurgegee het, het die verweerder sterk ontken. Bewerings aan die verweerder tydens kruisondervraging dat hy in hierdie opsig deel was van 'n bedrogspul, het die verweerder met erge verontwaardiging ontken. In sy hoofgetuienis het die verweerder gesê dat hy vir me Kühn hiermee gekonfronteer het:

"Ek het vir haar gevra hoe kan so 'n verklaring gemaak word, want sy, die eiseres werk by Digitata en haar verduideliking aan my was dat ... haar verduideliking aan my was dat sy gedink het sy werk net deelyds daarso."

Die verweerder het niks hiermee te doen gehad nie. Op 12 November is 'n brief op sy briefhoof aan die Muelmed hospitaal gestuur onder die verwysing van

me Kühn. Dit is geteken deur die verweerder se professionele assistent in sy afwesigheid. Daarin is gevra dat die hospitaal die rekening moet regstel deur aan te dui dat daar nie 'n werkgewer is nie. Die verweerder het wel 'n verdere brief van 14 November geteken wat ook aan die hospitaal gerig is en waarin gevra word om die regstelling van die rekening te bespoedig. Hieroor is hy ook in sy hoofgetuigenis gekonfronteer:

"Mnr Barnard, u was bewus dat me Van Eeden op daardie stadium gewerk het? --- Ja. Ja u edele.

En nog steeds is hierdie brief uit u kantoor gestuur en daar is u handtekening aan die einde daarvan. --- Ja.

Het u 'n verduideliking? --- Ja u edele. Ek sal ... Dit was 'n aardige situasie gewees u edele. Ek het ... wel ek het gedink die skade was gedoen. Ek kan net sowel die brief van die 14de afstuur."

Dit is bewysstuk "G180". In kruisondervraging het die verweerder ook gesê dat hy nie trots is oor wat gebeur het nie maar die koeël was deur die kerk en hy het dit daargelaat. Hy het niks te doen gehad met die aanvanklike reëlins nie.

Alhoewel hierdie verwickelinge nie goed te praat is nie, is die ironie daarvan dat dit eintlik die eiseres se saak teen die Fonds bevoordeel het. Daar is niks in die "Muelmed sage" wat die meriete van die huidige saak, op die huidige pleitstukke, kan bevorder nie.

[243] Laastens is die verweerder in sy hoofgetuienis gekonfronteer met die bewerings in die besonderhede van vordering wat teen hom gemaak word. Myns insiens het hy op 'n bevredigende en oortuigende wyse daarop gereageer. Ek is nie voornemens om die getuienis te herhaal nie.

[244] Die verweerder is vir ongeveer drie en 'n half dae intensief gekruisvra. Ek het reeds gesê dat ek beïndruk was met die wyse waarop hy die kruisondervraging met waardigheid en oortuiging hanteer het. 'n Voorbeeld hiervan is dat toe hy gekonfronteer is met een van die groot klagtes teen sy optrede, naamlik sy versuim om nog verdere navorsing oor 'n moontlike breinbesering te laat doen, het hy gesê dat hy tien teen een vir dr Marus opdrag sou gegee het, indien hy gemeen het dit is nodig, en dat dr Marus dan waarskynlik dieselfde advies sou gegee het as wat blyk uit sy getuienis, naamlik dat daar nie 'n breinbesering was nie.

[245] Ek het alreeds kortliks verwys na sekere aspekte van die kruisondervraging. Dit sluit die kwessie van die "Muelmed sage" in. In die besondere omstandighede van hierdie saak, en teen die agtergrond van al die getuienis waarna ek reeds verwys het, en nog sal verwys, meen ek nie dit lê op my weg om die kruisondervraging verder te ontleed nie.

(iii) Gezina Susanna Kühn

- [246] Haar noemnaam is Meisie. Sy werk reeds sedert 1987 as 'n regsekretaresse. Sy het begin by die bekende praktisyn in Witbank na wie ek verwys het. Hy het 'n baie groot derde party praktyk en dit is welbekend. Sy het ongeveer tien jaar vir hom gewerk en hy was 'n baie goeie leermeester. Sy het ook vir ongeveer twee jaar by 'n voormalige leerklrek van die genoemde praktisyn in Witbank gewerk. Daarna het die familie na Pretoria verhuis en het sy vir die verweerder begin werk. Sy was vir ongeveer vyf jaar by hom vanaf ongeveer 1997 tot 2002. Die rede waarom sy daar weg is, is omdat haar familie 'n eiendom in Lambertsbaai aan die Weskus gekoop het en hulle het daarheen verhuis. Daar het sy weer by 'n prokureursfirma begin werk. Dit is waar sy was toe sy in hierdie verhoor getuig het. Sy onthou die saak wat hulle vir die eiseres hanteer het baie goed. Sy is ook gevra om te getuig oor bewysstukke "G" en "H". Sy het bevestig dat waar daar "baie intensief" oor 'n saak uitgebrei is, sou die verweerder die korrespondensie gedikteer het. Die getuie me Kühn sou net "gewone stereotipe briefies gestuur het wat algemene afsprake sou bevestig het ens".
- [247] Sy het bevestig dat sy by geleentheid vir die eiseres gevra het om haar bankstate te bring sodat die inkomsteverlies beraam kan word. Die eiseres het belowe om dit te doen maar nooit die onderneming gestand gedoen nie.
- [248] Sy het getuig oor die "Muelmed sage". Sy het finale rekenings van Muelmed gekry wat sy sou instuur na die Fonds om daardie deel van die eis af te handel. "Ek is nie heeltemal seker of ek self opgemerk het van die werkgewer wat daarop

genoem was en of ek dit ingestuur het en die RAF vir my gekontak het nie maar toe het ek agtergekom daar staan Saambou. Ek het vir die eiseres geskakel." Sy kom dus agter dat op een van die rekenings word gesê dat sy 'n werkgewer het, synde Saambou. Sy self het nie op daardie stadium geweet dat die eiseres werk nie. Sy het toe die eiseres geskakel en vir haar gevra of sy by Saambou werk waarop die eiseres gesê het dat sy seker 'n fout gemaak het en nie die vorms korrek gelees het nie, sy werk nie. Die getuie het vir die eiseres gesê dat die Fonds dit nie so sal aanvaar nie en sy moet op skrif stel dat sy nie werk nie. Dit is toe dat die eiseres die brief "G174" en die vals eedsverklaring "G176" stuur. "G174" het die eiseres self getik asook "G176" soos ek reeds gesê het. "G174" is gerig aan die verweerder se firma, maar dit spreek eintlik vir me Kühn aan en lees soos volg:

"Geagte Meisie

Graag vra ek om verskoning vir die verkeerde inligting en indruk wat geskep is met die bewoording met Muelmed hospitaal.

Ek het vir seker die vraag verkeerd verstaan en verkeerdelik geantwoord dat ek by Saambou werk. Soos julle self weet is ek vanaf die 11 November 1999 werkloos. Ek vra weer eens verskoning vir enige ongerief wat ek veroorsaak het. ..."

Op hierdie brief het die getuie in haar eie handskrif aangeteken dat die eiseres sê dat sy ongeskik is vir werk en nie die vorms mooi kon lees nie en nie werk nie.

"G175" is die brief van 12 November 2001 wat ek reeds na verwys het. Onder dekking daarvan is die vals eedsverklaring gestuur en is Muelmed gevra om die rekords reg te stel. Hierdie brief is nie deur die verweerder geteken nie en is afgestuur sonder sy kennis.

[249] In haar hoofgetuïenis is die getuie gekonfronteer met die eiseres se getuïenis wat soos volg lees op die oorkonde:

"Op 'n stadium het mnr Barnard of Meisie Kühn, ek kan nie onthou watter een nie, vir my vertel dit gaan beter wees as ek asseblief 24 uur bedank vir my ongeskiktheid wat geëis word by die derde party."

Die getuie het beslis ontken dat sy so iets gedoen het. Ek het reeds gesê dat die verweerder dit ook ontken het en die hele onderwerp is reeds bespreek.

[250] Die getuie het toe oor ander aspekte getuig. Sy het nooit 'n probleem gehad om met die eiseres te kommunikeer by al die geleenthede wat sy met haar in aanraking moes tree nie. Daar was nooit 'n probleem dat die eiseres afsprake wat telefonies gereël is nie nagekom het nie. Die eiseres het nooit gesê dat sy vergeet het wat gereël is nie. Dit was nie nodig om dinge oor en oor vir haar te vertel nie. Die eiseres het ook nooit dinge oor en oor vir die getuie vertel nie. Hulle het op 'n volwasse vlak gekommunikeer en die eiseres was nie kinderagtig of kinderlik nie. Sy het 'n volwasse gesprek gevoer.

[251] Die getuie het ook gepraat oor "H1", synde haar nota van 29 Mei 2000 waar die eiseres vir haar onder andere sê dat "hulle" nou agtergekom het dat sy 'n korttermyn geheue probleem het. In die gesprek het sy ook van ander ortopediese probleme en mediese rekeninge gepraat. Sy kan nie onthou dat die eiseres ooit weer na daardie oproep vir haar gesê het dat sy probleme het met korttermyn geheue nie. Dit is ten spyte daarvan dat sy op 'n vroeë stadium toe sy die eiseres die eerste keer ontmoet het vir haar gesê het om notas te maak van enige probleme wat sy ondervind.

[252] Die getuienis dat die eiseres op 'n volwasse vlak met haar gekommunikeer het en nie kinderagtig of kinderlik was nie is moontlik van belang in die konteks van ander getuienis. Dr Shevel het gesê dat hy die indruk gehad het dat die eiseres "child-like" was. Sy was egter nie "child-like" met hierdie getuie of met die verweerder of bv met dr Marus nie. Namens die verweerder is dit in betoog aan my genoem dat hierdie getuienis van me Kühn nie in kruisondervraging weerspreek is nie, ten spyte daarvan dat me Kühn vir bykans twee dae lank gekruisvra is. Sy is onder andere gekruisvra oor die "Muelmed sage". Sy is daarop gewys dat die verweerder se kantoor wel van tyd tot tyd sedert ongeveer Julie 2001 briewe aan die eiseres geskryf het by p/a Digitata. Daar was twee briewe, "G152" en "G168" waarna ek reeds verwys het. Dit was geskryf deur die verweerder wat ook, blykens die notas van telefoniese gesprekke in bewysstuk "H", die gesprekke met die eiseres gevoer het oor haar werk by Digitata.

Me Kühn het gesê dat sy onder die indruk was dat dit 'n deelydse werk was. Die kruisondervraging hieroor verloop soos volg:

"Mevrou toe u haar nou skakel met hierdie indruk dat sy deelydse werk doen en u sien daardie Muelmed vorm het u seker vir haar gevra nou vir hoe lank het u hierdie deelydse werk gedoen of doen jy dit nog, u het seker daaroor 'n bietjie uitgevra, nie waar nie? --- Nee ek het nie uitgevra daaroor nie. Ek het net vir haar gevra hoekom is daar 'n Saambou aangegee as 'n werkgewer. As daar miskien Digitata gestaan het sou ek gevra het hoe lank werk u dan nou al daar, maar ek was nie onder die indruk dit is dieselfde firma of 'n gedeelte van direkteure firma of iets nie. Ek het haar gebel en gevra daar staan Saambou op die rekening en haar antwoord aan my was sy het nog nooit gewerk nie en toe het ek vir haar gevra sy moet dit op skrif stel wat sy wel gedoen het."

Teen hierdie agtergrond het die getuie ook ontken dat sy geweet het dat wat in "G176" staan vals is.

[253] Hierdie getuie het my ook beïndruk. Sy het die deurtastende kruisondervraging bevredigend weerstaan. Ek meen nie dit is nodig om verder in te gaan op die kruisondervraging nie. Groot gedeeltes daarvan is myns insiens irrelevant. Ek het ook reeds die opmerking gemaak dat selfs die "Muelmed sage" irrelevant is in die groter konteks van hierdie saak.

(iv) Gina Maria Capitani

[254] Dr Capitani is 'n kliniese sielkundige wat spesialiseer in neuro-sielkunde. Haar deskundigheid is nie in geskil geplaas nie. Blykens die betoogshoofde van die verweerder se advokate het dr Capitani se hoofgetuienis 'n halwe dag geduur (10:00 tot 13:00) en daarna is sy vir twee en 'n half dae gekruisvra.

[255] Haar regsmediese verslag is "E38" tot "E69". Sy het die eiseres in Februarie 2006 ondersoek. Dit was nie lank voor die verhoor nie.

[256] Ek het reeds verwys na gedeeltes van die getuie se getuienis. Ek het haar volledige argument behandel dat die valshede wat die eiseres verkondig nie toegeskryf kan word aan breinskade of "confabulation" nie. Ek het ook verwys na die inhoud van haar gesamentlike vergadering met mnr Mallinson se notule. Ek is nie voornemens om dit te herhaal nie.

[257] Die belangrike punt is dat die getuie nie van mening is dat die eiseres breinskade opgedoen het nie. Sy sê die volgende op "E68":

"In conclusion therefore, and assuming that her subject of educational history is accurate, her current pattern of neurocognitive test results do not indicate the presence of significant cognitive difficulties which would be expected in the presence of a moderate or moderately severe head injury. Some fluctuation in concentration and focussed auditory attention occurred at times, but which did not result in a significant impact on her

verbal learning or verbal memory abilities. The presence of this fluctuation most probably may be associated with her history of epilepsy and the reported brain scans findings, as well as her reported current poor sleep pattern, and possibly some degree of depression. Moreover, her current test results would be compatible with her reported work history post accident of coping adequately in administrative positions as well as her reported promotions."

- [258] Die uitvalle wat sy in haar toetse gevind het, as ek dit reg verstaan, hou nie verband met 'n wydverspreide ("diffuse") breinbesering nie. Dit was eerder skade van 'n fokale of gekonsentreerde aard, soos verwag kan word van die nagevolge van die epilepsie. Sien bv haar getuienis op 1687-1688 van die oorkonde. Opsommenderwys kan gesê word dat die getuie se toetsuitslae wat sy op die eiseres toegepas het nie aanduidend is van breinskade wat toegeskryf kan word aan die botsing nie.
- [259] Soos ek reeds aangedui het, het die getuie, met haar toetse, nie enige aanduidings gevind van disfunksie van die frontale kwabbe nie ("frontal lobe dysfunction"). Sy kon sodanige disfunksie ook nie klinies diagnoseer nie. Dit strook met dr Marus se getuienis.
- [260] Hierdie getuie het my ook beïndruk. Myns insiens het die eiseres nie daarin geslaag om te bewys dat haar getuienis, wat gesteun word deur dié van dr Marus,

verwerp moet word ten gunste van die getuienis wat die eiseres aangebied het nie. Die objektiewe feite, soos die inhoud van die hospitaal-rekords en die bevredigende funksionering van die eiseres by SBV, ondersteun myns insiens ook die bevindings van hierdie getuie en dié van dr Marus.

[261] Dit was die saak vir die verweerder.

Enkele slot opmerkings

[262] Hierdie opmerkings moet gelees word teen die agtergrond van bevindings wat ek reeds gemaak het toe die getuienis opgesom is, en ook, met nadruk, in die lig van die gesag wat ter sprake is en wat ek aan die begin van die uitspraak opgesom het.

[263] Die eiseres se saak was aanvanklik geskoei op 'n bewering dat die verweerder nalatig was of sy regsplig teenoor die eiseres verbreek het deur die saak te skik toe hy dit wel gedoen het en met die inligting tot sy beskikking. Toe die verhoor reeds aan die gang was is die besonderhede van vordering gewysig om voorsiening te maak vir bewerings dat die verweerder die saak nie na behore ondersoek het nie.

Die eiseres se advokate som haar saak soos volg op in hulle betoogshoofde: sy beweer in wese dat die skikking in die eerste plek nooit aangegaan kon of moes gewees het nie omdat die saak nog nie ten volle en na behore ondersoek was tot die mate dat die verweerder haar redelikerwys kon adviseer en 'n behoorlike

beraming kon maak nie en tweedens is die eiseres se saak dat die skikking in elk geval selfs op grond van die beweerde ontoereikende ondersoekwerk wat deur die verweerder gedoen is nie 'n redelike skikking nie. Dit slaan dus op beide die stappe wat die verweerder gedoen het om die saak voor te berei en sy besluit om die eiseres die saak te laat skik op die betrokke terme.

[264] Soos ek reeds vroeër aangedui het, moet die eiseres op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die verweerder, by die uitvoering van sy opdragte, nie die mate van sorg aan die dag gelê het wat redelikerwys van die deursnee prokureur in sy posisie verwag kon word nie. Die eiseres moet ook verder gaan en bewys dat die resultaat, as hy bv nie geskik het nie maar op verhoor sou gegaan het, wesenlik sou verskil het van die resultaat wat bereik is met die skikking. As sy hierin sou slaag, moet die eiseres ook bewys wat die verskil sou wees naamlik sy moet die *quantum* van die eis bewys.

[265] Die vraag of die verweerder kontrakbreuk gepleeg het alternatiewelik nalatig was (wat in hierdie geval nie 'n wesenlike verskil aan die saak maak nie, soos ek vroeër verduidelik het) moet getoets word aan die hand van sy optrede toe hy na bewering nie aan die voorgeskrewe standaard voldoen het nie naamlik toe hy die saak hanteer het tussen Maart 2000 toe hy opdrag geneem het en Januarie 2002 toe die saak geskik is. Die vraag of die skikking toereikend was moet getoets word aan die hand van die stand van die reg in 2002 en die kennis en vaardigheid

en optrede wat op daardie stadium in die praktyk van die verweerder verwag kon word.

Dit mag wees (die gesag is uiteenlopend van aard) dat die skade wat die eiseres na bewering gely het, indien sy skade kan bewys, op 'n latere datum beraam kan word, bv op die datum toe die denkbeeldige verhoor sou plaasgevind het maar die optrede van die verweerder wat hom ten laste gelê word moet getoets word aan die genoemde standaard soos in Januarie 2002.

- [266] Alhoewel ek nie verwysings na gesag wat reeds aan die begin van hierdie uitspraak aangehaal is wil herhaal nie, vind ek dit tog gerieflik om weer aan te haal wat ANDERSON, R in the Ontario High Court gesê het in *Karpenko v Paroian, Courey, Cohen and Houston, supra*:

"What is relevant and material to the public interest is that an industrious and competent practitioner should not be unduly inhibited in making a decision to settle a case by the apprehension that some Judge, viewing the matter subsequently, with all the acuity of vision given by hind-sight, and from the calm security of the Bench, may tell him that he should have done otherwise. To the decision to settle a lawyer brings all his talents and experience both recollected and existing somewhere below the level of the conscious mind, all his knowledge of the law and its processes. Not least he brings to it his hard-earned knowledge that the trial of a law-suit is costly, time consuming and taxing for everyone involved and attended by

a host of contingencies, foreseen and unforeseen. Upon all of this he must decide whether he should take what is available by way of settlement, or press on. I can think of few areas where the difficult question of what constitutes negligence, which gives rise to liability, and what at worst constitutes an error of judgment, which does not, is harder to answer. In my view it would only be in the case of some egregious error that negligence would be found."

(Ek beklemtoon.)

Daar was ook die opmerkings van die geleerde regter in *Kelly v Corston, supra*, dat:

"Experience shows that cases with the brightest prospects of success somehow fail and it is difficult to underestimate the value of the certainty provided by a settlement as opposed to the continuing risks of litigation through to judgment. This factor alone should militate against successful proceedings based on criticism of advice leading to a settlement."

[267] Daar is vroeër verwys na die gesag dat die oordeel van die betrokke praktisyn gerespekteer moet word. Sommige praktisyns is meer geneig om te skik en ander is meer geneig om te prosedeer. Dit beteken nie dat een van hulle noodwendig nalatig is nie. Dit moet ook in ag geneem word dat die praktisyn verskeie faktore moet oorweeg. Dit sluit onnodige koste in, die risiko van litigasie en vele meer.

- [268] Ek het reeds bevind dat die verweerder in hierdie saak hom behoorlik van sy taak gekwyt het. Hy het die saak hanteer op 'n manier wat tuis hoort by die standaard en gedrag wat verwag kan word van 'n toegewyde deursnee prokureur in die posisie van die verweerder. Hy was 'n eerlike en indrukwekkende getuie.
- [269] Die bedenkinge wat die verweerder oor die integriteit van sy kliënt gehad het was geregverdig. Ten spyte van toegewyde pogings aan sy kant, kon hy nie voldoende inligting bekom oor die loopbaan-pad van die eiseres voor die botsing nie. Hierdie tekortkominge het hom ook gekortwiek in sy pogings om 'n skikking te bereik. Hy moes 'n persentasie van die bedrag toegee aangesien die Fonds dit afgetrek het vir "swak bewys", *supra*.
- [270] Die verweerder se bedenkinge oor die vermoë van sy kliënt as 'n getuie indien sy in die getuiebank moes staan was geregverdig. Dit is 'n geldige rede om te skik eerder as om te prosedeer. Daarbenewens was die verweerder se vrees dat die Fonds die aanbod mag terugtrek en besluit om self te prosedeer ewe gegrond en 'n geldige rede om op daardie stadium te skik. Hierdie optrede was nog meer geregverdig aangesien die verweerder op daardie stadium, soos ek reeds bevind het, 'n mandaat van die eiseres gehad het om te skik en dit moeilik sou kon verduidelik as die skikking deur die mat geval het omdat die Fonds daarna die aanbod teruggetrek het.

- [271] Die eiseres was nie 'n vermoënde kliënt nie, en die feit dat die verweerder deurgaans die koste in gedagte gehou het, is ook 'n geldige faktor wat in ag geneem word in terme van die gesag waarna ek verwys het. Hierdie benadering is ook bv toegegee deur die getuie Greeff in kruisondervraging.
- [272] Die werklike grondslag van die eiseres se saak was eintlik haar bewering dat sy 'n breinbesering opgedoen het en dat die verweerder dit nie behoorlik na waarde geskat het nie. Op die getuienis het die eiseres nie daarin geslaag om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat sy 'n breinbesering opgedoen het wat haar kognitiewe funksies nadelig aangetas het nie. Op die beste was daar 'n "mild concussive injury" wat haar intellektuele vermoëns post-trauma nie ingeperk het nie. Dit is eintlik die einde van die saak, want in die afwesigheid van 'n breinbesering is die taak van die eiseres om te bewys dat die skikking in 2002 ontoereikend was nog oneindig moeiliker as wat dit reeds is. As die verweerder die moontlikheid van breinskade verder laat ondersoek het, sou hy tien teen een dr Marus se hulp ingeroep het en tot dieselfde gevolgtrekking geraak het as wat die geval was toe hy prof Flowers se verslag deeglik bestudeer het.
- [273] In elk geval was die skikking na my mening toereikend onder die omstandighede. In 'n verhoor sou die ondergemiddelde loopbaan-pad pre-trauma op die lappe gekom het. Die inkomste pre-trauma wat prof Flowers in die vooruitsig gestel het was gebaseer op die vals getuienis van die eiseres. Die beskeie inkomste post-trauma wat prof Flowers voorgestel het was ook te laag in die lig van wat gebeur

het toe die eiseres 'n goeie betrekking by SBV gekry het. Die gebeurlikheidsaftrekking pre-trauma wat prof Flowers voorgestel het was te laag en die gebeurlikheidsaftrekking post-trauma was te hoog. Dit is waarop dr Koch gevra is om sy aanvanklike beraming te baseer. In 'n verhoor sou dit nie gehandhaaf kon word nie. Die verweerder was verplig om die verlies aan inkomste vir 'n mindere bedrag te skik. Nie alleen was daar 'n aftrekking vir "swak bewys" nie, maar die verweerder het takties korrek opgetree deur nie die feit dat die eiseres intussen werk gekry het te openbaar nie.

Onder die omstandighede was die skikking van meer as R427 000,00 plus die belangrike sertifikaat in terme van artikel 17(4)(a) van die Wet plus die party en party koste 'n baie gunstige een. Die eiseres het nie daarin geslaag om die moeilike bewyslas te kwyd dat sy beter sou gedoen het in 'n verhoor nie. Haar eis kan dus nie gehandhaaf word nie.


- [274] Wat die *quantum* van die eis betref, soos die eiseres dit formuleer, geld dieselfde opmerkings wat ek so pas gemaak het: die beraming van die eiseres se vordering word gebaseer op dr Koch se beramings en dit word aangepas aan die hand van inflasie. Ek het reeds aangedui dat dr Koch se beramings gebrekkig was omdat dit gebaseer was op dr Flowers se voorstelle wat gebaseer was op die verkeerde aannames. Daar is dus geen basis vir die *quantum* soos voorgestel deur die eiseres nie.

In elk geval het die eiseres nie daarin geslaag om nalatigheid en/of kontrakbreuk aan die kant van die verweerder te bewys nie, sodat 'n debat oor die *quantum* akademies van aard is.

Bevel

[275] Ek maak die volgende bevel:

1. Die eis word van die hand gewys.
2. Die eiseres word gelas om die koste te betaal wat die volgende sal insluit:
 - 2.1 die koste van twee advokate; en
 - 2.2 die redelike kwalifiserende-, voorbereidings- en bywoningsfooie van drs Marus en Capitani en prof Vorster.
3. Die verweerder en me Kühn word noodsaaklike getuies verklaar.
4. Dit word gelas dat die koste verbonde aan die tik van die oorkonde deel sal uitmaak van die party en party koste.



W R C PRINSLOO
REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF

GEHOOR: OP VERSKEIE DATUMS TUSSEN 2006 EN 2010.
 DIE LAASTE SITTING WAS IN SEPTEMBER 2010.
 VIR DIE EISERES: ADV W P DE WAAL SC, EN C H VAN BERGEN
 IN OPDRAG VAN: QUINN LA GRANGE ING
 VIR DIE VERWEERDER: ADV J F MULLINS SC EN E B CLAVIER
 IN OPDRAG VAN: GILDENHUYS LESSING MALATJI ING